Vestings in jou lewe.

Dr. Gerrie de Haas

gerrie@gedaministries.co.za

DIE VESTINGS IN JOU LEWE

2 Korinthiërs 10:3-5;

'Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie.
Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat VESTINGS kan vernietig.
Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak'.

Wat het ingekom in jou lewe en wat elke dag by jou kom steel, waarvan jy nie eers bewus is nie?

Lewe jy in vreugde of het dit alreeds jou vrede kom aanval? Kom identifiseer die probleemareas in jou lewe.

Inhoud

1. Vestings – die bestaan van die bose.

2. Wie is die Sterkman?

3. Hoe ontwikkel vestings in jou lewe?

4. Die gees van vrees.

5. Die gees van jaloesie.

6. Die gees van voorspellings.

7. Die gees van swaarmoedigheid.

8. Die gees van verwerping.

9. Onvergewensgesindheid.

10. Gebed

1.VESTINGS - DIE BESTAAN VAN DIE BOSE

2 Korinthieërs 10:4;
'Want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp.'

Ons moet mooi verstaan dat daar nie net engele in die bonatuurlike en onsigbare wêreld is nie, maar ook bose geeste, onrein geeste of demone. In ons daaglikse lewe kan almal getuig dat ons deur hierdie opponerende geesteswêreld beïnvloed word.

Die goeie nuus is dat God vir ons 'n belofte gegee het dat ons hierdie boosheid kan oorwin.
Psalm 91:9-11;
'Want U, HERE, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak. (NB! Hy **moet** eers jou beskutting wees!!)
Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie;
want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë.'

'Psa 91:9 If you make the Most High your dwelling-- even the LORD, who is my refuge--
Psa 91:10 then no harm will befall you, no disaster will come near your tent.
Psa 91:11 For he will command his angels concerning you to guard you in all your ways;'

In die geesteswêreld is daar elke oomblik van die dag 'n oorlog aan die gang.
Omdat hierdie oorlog nie deur die menslike oog gesien kan word nie, beteken nie dat dit nie bestaan nie.

Wat moet ons as gelowiges doen?

1 Timotheus 6:12;
'Stry die goeie stryd van die geloof,'
1Ti 6:12 'Fight the good fight of the faith.'

Ons het hierdie 'swaard van die Gees' nodig om daagliks staande te kan bly.

Ons sien ook waar Jesus pertinent verwys na hierdie oorlog:

Mattheus 10:34;
'Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie.
Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.'
(Hy het gekom om jou toe te rus om hierdie swaard te gebruik.)

Mat 10:34 'Do not suppose that I have come to bring peace to the
earth. I did not come to bring peace, but a sword.'

Terwyl ons onkundig bly oor die vyand en nog moet leer hoe om hom teë te staan en terwyl die ongedissiplineerdes hier op aarde God se wette oortree, sal daar altyd 'n geestelike oorlog wees.

Die oorlog in die hemele tussen die vorste van God en die demoniese magte van Satan speel af op 'n duisend verskillende maniere.
Sommige van hierdie veldslae is klein, maar sommige is so groot dat dit nasies beïnvloed en die geskiedenis van die wêreld.

God is besig om ons te lei na die klimaks van die menslike bestaan en die terugkeer van Jesus Christus, terwyl Satan, ons vyand, die hele tyd werk daaraan om dit te verhoed.

Geestelike oorlogvoering is veronderstel om 'n daaglikse deel van ons lewe te wees, maar ons lewe asof dit van geen belang is nie.

Die muskiete:

Ek sien die demoniese mag soos muskiete. Hulle is orals – binne en buite. Dié wat buite bly en my en my mense nie pla nie, ignoreer ek ten volle.
Maar, dié wat in my huis inkom om my en my huismense aan te val en te byt, sal ek grootliks teenstaan.

Ek sien verseker nie 'n demoon agter elke bossie nie en soek hulle nie. As die demone maar net agter die bossies wil wegkruip, is alles reg, maar dis wat hulle aan die kinders van God doen wat my bekommer.

Efesieers 6:12;
'Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.'

'For our struggle is not against flesh and blood, but against the rulers,
against the authorities, against the powers of this dark world and
against the spiritual forces of evil in the heavenly realms.'

As ons suiwer na hierdie oorlog kyk, moet ons besef dat dit groter is as die oorlog tussen nasies en kragtiger is as 'n atoombom.

Inteendeel, hierdie oorlog in die geestelike realm is meer verwoestend as al die oorloë wat mense in die vlees tot nou toe gevoer het.

Ons vyand het een doel: om die siel en die gees en die liggaam van mense te verwoes.

Geestelike oorlogvoering is nie soos oorloë wat ons hier op aarde veg nie, alhoewel dit deel daarvan kan wees.
In die geskiedenis is daar te veel bewyse dat oorloë gevoer is deur leiers van nasies wat almal onder die invloed van 'n tipe van 'n alternatiewe gees was.
Die tweede wêreldoorlog is die grootste bewys daarvan.
Al die leiers van die groot moonthede was diep onder die invloed van bose magte.

Die oorlog in die gees is 'n oorlog tussen goed en kwaad, reg of verkeerd en tussen die krag wat opbou, en die krag wat afbreek.
Mense staan reg in die middel van hierdie konflik.
Ons is eintlik die skat waaroor hierdie oorlog gaan, suiwer omdat mens geskape is na die beeld van die Skepper God.

In die oorlog is ons ook voetsoldate en moet ons hierdie oorlog verstaan want dit gaan oor ons, oor ons lewens en alles wat jy aan kan dink is op die spel.

Hierdie lesings gaan daaroor om jou toe te rus en bewus te maak van iets wat lank nie in die kerk oor gepraat is nie.

Wat is die drie grootste foute wat ons maak:

Eerstens:
Suiwer dat mense ontken dat daar bose geeste in die lug is of dat daar 'n geesteswêreld bestaan.

So baie mense glo nog dat Satan en sy demone iets is soos kersvader en sy elfies – iets soos kinderverbeelding.

Omdat hulle dan nie kan glo dat bose dinge deur bose geeste veroorsaak kan word nie word alles toegeskryf aan "slegte geluk" of "dis maar net die natuur".

Hoe leer Jesus sy dissipels bid in daardie laaste dae?
Mattheus 6:13;
'en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.'

Jesus Christus sê die volgende van die duiwel:
Johannes 12:31;
'Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van
hierdie wêreld buitentoe gedryf word.'

'Now is the time for judgment on this world; now the prince of this
world will be driven out.'

In ***Mattheus 13:38-39*** noem Hy hom "die vyand":

'en die saailand is die wêreld. Die goeie saad—dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose, en die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel.
Die oes is die voleinding van die wêreld en die maaiers is die engele'.

'The field is the world, and the good seed stands for the sons of the
kingdom.The weeds are the sons of the evil one,and the enemy who sows them is the devil. The harvest is the end of the age, and the harvesters are angels.'

Petrus in ***1 Petrus 5:8;***
'Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.'

‘Be self-controlled and alert. Your enemy the devil prowls around like a roaring lion looking for someone to devour.’

In die jare wat ons hiermee werk besef ons dat die boosheid van die fisiese wêreld waarin ons lewe, gedryf word deur wat in die bonatuurlike wêreld aangaan – deur Satan en sy demone.

Tweedens:

Die fout is dat mense elke ding wat negatief in die wêreld gebeur, toeskryf aan die Satan.Dis verkeerd.

Die een groot gevolg hiervan is dat:
(1) Mense later in ‘n vrees loop oor wat Satan aan hulle kan doen, en nie meer hulle volle vertoue in God stel nie.
(2) Dis ook dan so maklik om iemand anders te blameer vir alles wat fout gaan.

Dit is so dat die duiwel se geaardheid is om te steel, te verwoes en dood te maak, maar soveel van ons probleme kom direk daarvan dat ons die verkeerde besluite maak.
‘Ons maai wat ons gesaai het’ - die Bybel sê tog so.

Goeie en slegte dinge gebeur tog met die regverdiges en met die onregverdiges, en dit sal so wees totdat Jesus weer terugkom.

Derdens:

Sommige Christene glo dat hulle totaal immuun is teenoor demoniese aanval.
Die kerk wil jou dan ook soms leer dat as jy eenmaal gered is, niks meer met jou verkeerd kan gaan nie – dis tog verkeerd.

Dit is so dat na jou bekering jy wel in staat is om die Satan meer effektief teen te staan, maar weet een ding, hy sal jou nie los nie.

Wat sê die Bybel:
Moeder Eva het al die tyd in die paradys gesê: 'As ek die duiwel los, sal hy my uitlos.' Maar het hy?
Nee, hy het haar daar in die teenwoordigheid van God kom mislei en laat sonde doen.

Jesus Christus word self deur die Satan versoek om sonde te doen en om hom te aanbid.
Paulus word in Handelinge 16 deur die waarsêende gees wat in die slawemeisie was, geteister.

Hoe werk dit in praktyk?
Baie Christene meen dat as hulle kerk toe gaan en hulle eie ding doen en nie aan die duiwel glo nie, dan sal alles reg wees.

Maar, wanneer hulle seuns val in dwelmverslawing en wil selfmoord pleeg, en hulle tienerdogters raak swanger en wil aborsies hê, dan begin hulle skielik dinge anders sien.
Want die vraag aan hulle is altyd: Wie het nou eintlik hierdie gemors veroorsaak?
Julle of iets anders? Maar nooit sal hulle sê: "dis ons nie".

Dis die dinge wat hulle begin laat besef dat geestelike oorlogvoering dalk nou nodig is, anders verloor ek my kinders.

Satan se groot taktiek bly om mense te opponeer op elke mootlike manier, en hy kom om te verwoes.
Dis totaal onrealisties om te dink dat ons hierdie vyand kan ignoreer.

Dis waarom ek so 'n groot begeerte het om mense beter toe te rus.
As Christene so maklik 'n prooi kan wees, wat dan van die arme ongelowiges wat niks weet nie.

Die strategieë van die vyand:

In ons eie krag is ons nie in staat om te kan staan teen die versoekings en beskuldigings van die duiwel nie.
Dis waarom ons so maklik wanhopig word as dinge verkeerd gaan - en aanhou verkeerd gaan.

Maar ons het mos nou geleer dat ons kan bly staan en oorwin, maar dat kennis van die Bybel en van hierdie oorlog absoluut noodsaaklik is.

Omdat ons hierdie stryd voer teen 'n onsigbare vyand, is die oorlog een in geloof, en nie oor wat ons sien nie.
2 Korinthieërs 5:7;
'Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.'
'We live by faith, not by sight.'

Dit beteken net dat ons totaal afhanklik is van die krag van die Heilige Gees en nie ons eie aardse krag nie.

Vestings wat Satan oprig: ("strongholds")

2 Korinthieërs 10:4-5;
'want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp,
terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,'

'The weapons we fight with are not the weapons of the world. On the contrary, they have divine power to demolish strongholds.

We demolish arguments and every pretension that sets itself up against the knowledge of God, and we take captive every thought to make it obedient to Christ.'

Kom ons kyk net na die area's wat satan gebruik om mense weg te rokkel van God af.
Hierdie is die vestings wat opbou waardeur hy mense beheer en domineer.

Ons moet onthou dat as 'n vesting eers opgebou het, dit baie sterker is as 'n gewoonte en daarom is dit so moeilik om daar uit te kom en daarvan ontslae te raak.

Dit gaan nie net oor: 'Ag, ek los dit, dan sal dit vanself net weggaan.'

1. Emosionele Probleme:

Die grootste vesting wat opgerig kan word is in ons emosies.
Nie alle emosionele probleme is vestings in jou lewe nie.
Maar, as dieselfde probleem oor en oor gebeur, en dit lyk nie asof daar 'n permanente oplossing is daarvoor nie, is die wortel in die geestelike realm.

Van die mees algemeenste probleme wat vestings is:
woedebuie, depressie, vrees, gevoel van onsekerheid ('insecurity'), minderwaardigheid ('inferiority'), gevoel van verwerping, gevoel van liefdeloosheid ('unwanted / unloved'), haat, jaloesie, selfbejammering ('self-pity') en bekommernis ('worry').
Julle weet mos nou presies waarvan ek praat.
Iets is daar, en dit bly daar.
Dit herhaal maar net en dit voel asof ek dit nie kan keer nie.

So baie mense in die kerk sê:
'Ek sukkel nou al so lank met my emosies. Ek het dit nou al bely, ek het dit afgelê, ek het dit in die gees teengestaan, ek het nou al gevas, maar die probleem bly.
Dis asof hierdie ding my beheer.
Ek is nie altyd self in beheer meer nie.'

2. Geestesprobleme: ('mentalproblems')

Geestelike torment volg as hier 'n geestesprobleem opgebou het.
Die grootste probleem in is die gedagtewêreld, wat dan vir abnormale optredes sorg.

Verlies van gedagtes ('loss of memory'), verwarring ('confusion'), twyfel ('indecision'), agterdogtigheid , gevoelens dat mense jou agtervolg, aanhoudende uitstellery ('procrastination'), besluiteloosheid ('wavering'), hallusinasies ('delusions') en geheueverlies.

3. Ontwrigtende uitsprake: ('disruptive speech')

Die vestings manifesteer as onbeheerde skielike uitbarstings, wat gewoonlik kom sonder enige waarskuwing of rede:

leuens ('lying'), vloektaal ('profanity'), godslastery ('blasphemy'), kritiek, vermakerigheid ('mockery') en skinder ('gossip').

4. Seksuele probleme:

Iets wat ons al hoe meer sien is geestelike vesting in die seksuele lewe: Dit presenteer meestal as herhalende onrein gedagtes (‘recurring unclean thoughts’) en onkuise seksuele dade (‘impure sexual acts’).

Dit presenteer in jou as:
daar gefantaseer word oor seksuele dade (‘fantasy sexual experiences’), masturbasie, wellus, slegte aanleidende seksule optredes (‘provocative behaviour’), homoseksualiteit, lesbiese dade, fornikasie, egbreek en owerspel (‘adultery’), bloedskande (‘incest’) en pervese seksuele dade.

Naderhand droom ek dat ek werklik sulke dinge doen – en word dit soos ‘n ‘Spiritual husband or wife.’ in my lewe.’

5. Verslawings:

Omdat die vyand soveel moontlik mense wil verwoes is verslawing een van sy hoofroetes.
Satan weet dat as hy jou afhanklik kan maak van iets, hy jou ook kan beheer.

Die lys is lank: nikotien, alkohol, drugs, voorskrif-medikasie, dobbel, televisie-kyk, TV-speletjies, kaffein, kos, ens.

Mense ontwikkel ‘n ‘**verslawende persoonlikheid’**, waarvan hulle nie maklik ontslae raak nie. (‘addictive personality’)
Die verslawing kan ook net verskuif, bv. ek hou op rook, maar nou begin ek eet – dit bly maar net nog steeds daar.

6. Fisiese siektes en krankheid:

Alle siektes is defnitief nie agv. vestings nie, maar ongelukkig is daar soveel geestelike oorsake vir mediese probleme.
Hier is gewoonlik 'n kombinasie van genesing en bevryding nodig vir 'n permanente oplossing.

2. WIE IS DIE STERKMAN?

Dis so belangrik dat ons na die wortels van die Vestings in ons lewe gaan soek en hulle identifiseer.
Wie hou jou gevange in jou eie huis?
Wie is die Sterkman?

Mattheus 12:29;
'Of hoe kan iemand in die huis van 'n sterk man ingaan en sy goed roof, as hy nie eers die sterk man geboei het nie?
En dan sal hy sy huis beroof'.

Lukas 11:21-22
'Wanneer 'n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid.
Maar as een hom oorval wat sterker is as hy en hom oorwin, neem hysy volle wapenrusting weg waar hy op vertrou het en deel sy buit uit'.

Die sterkman is die teenstander wat kom om te steel, te verwoes en dood te maak. (***Johannes 10:10***)

Ons het seker almal al die advertensie gesien op televisie.

Daar sit 'n redelike swakkerige ou op die strand met 'n mooi meisie.
Die afknoeier ('bully') op die strand kom nader, skop sand in die outjie se oë en vat sy meisie.

Daarna sien ons die man begin met 'n ernstige oefenprogram om spiere te bou en om sterk te word. Hy het 'n besluit geneem om nooit weer so verniel en verneder te word nie.
Na 'n klompie maande se intense oefen het hy verander in 'n kragtige man.
Die laaste deel is waar hy terugstap strand toe, die 'bully' 'n verskriklike hou op die kaak gee met die woorde: 'Vat so jou rot, en moet nooit weer probeer om my meisie te pla nie!'
Daarna vat hy sy mooi meisie terug.

Geestelik is dit waar God ons almal wil hê.
Die tyd waar ons deur alternatiewe magte geïntimideer word, moet verbygaan.
Hy wil hê ons moet ons man kan staan teen die Satan, die 'bully' van die wêreld, en hom baie duidelik laat verstaan dat hy nooit weer moet probeer om jou te benadeel nie.

Jesus Christus vertel ons duidelik hoe om te lewe, noudat Hy die vyand verslaan het, in ***Markus 16:17-18;***

'En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,
slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.'

Hierdie het nog nooit beteken dat jy die hele tyd op die uitkyk moet wees vir duiwels en demone nie.
Dit beteken slegs dat jy gladnie nodig het om deur hulle geïntimideer te word deur hulle aktiwiteite nie.

Jy moet hulle die oomblik as hulle hul kop uitsteek, net daar kan vasvat, sodat jy 'n lewe van oorwinning kan hê.

2 Timotheus 1:7;
'Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing'.

Is dit nie wat ons wil hê nie?

Sê dit nie in ***Romeine 8:37;***
'Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het'.

As kinders van God moet ons besef dat ons hemelse Vader goed is.
Sy hoofdoel in die lewe is om ons die beste mense moontlik te maak
Hy wil ons potensiaal so groot as moontlik ontwikkel.

Aan die anderkant is Satan totaal boos.
Jesus self sê vir ons wie hy is.
Johannes 10:10;
'Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê'.

Jesus Christus se karakter is dit wat ons moet nastreef, want daar is altyd balans daarin.
Onthou die woorde: 'Jou goeie eienskappe kan jou tot heel bo neem, maar dis jou karakter wat jou daar moet hou'.

Wat is hierdie karakter? Iemand wat totaal goed en regverdig is en in wysheid lewe.
God se liefde vir ons is groter as wat ons besef en Hy is volkome geloofwaardig.
So, hoekom sal iemand kan twfel aan Sy leiding en leierskap.

Nou, hoe lyk die duiwel se karakter?
Alles is presies in opposisie met Jesus se karakter.
Daaruit kan ons net een ding aflei:
Hy is die een wat siekte en swaarkry vir mense gee, want hy het die reg daarvoor gekry toe hy Adam en Eva mislei het.

Ons moet een ding mooi verstaan: Satan is nie 'n 'negatiewe God' nie – maar 'n gevalle engel.
Hy het nie agv sy val en die uitskop uit die hemel, enigsins sterker geword nie.

Sonde maak alles wat dit aanraak swakker.

Vraag: Is jy sterker of swakker nadat jy sonde gedoen het?

Satan is nie meer Lucifer nie – toe hy perfek was in die hemele nie – hy is baie swakker agv wat hyself toegelaat het.
Maar, as dit kom by die werke van die vlees en sonde is hy kragtige opposisie – net omdat dit sy speelgrond is.

Besef net weer: God het nie vir Satan gemaak nie, Hy het Lucifer die pragtige engel gemaak.
Dis Lucifer homself wat toelaat dat hy die duiwel word deur sy eie sonde van trots en selfverheffing.

So, die werke van die duiwel is sonde, siekte, vrees, die dood, depressie, moord, misleiding en rebellie.

Dis waarom in ***1 Johannes 3:8*** staan:
'Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek'.

Ons moet weet: In die Naam van Jesus Christus het ons oorwinning oor die mag van die bose, omdat Jesus hom alreeds oorwin het.

Nog nooit sal Jesus Christus enige van die karakter van Satan gebruik teen Sy eie kinders nie.
Satan se karakter is om alles wat liefde is, teen te staan.
Hy wil bv. haat, kwaad en woede op ons kom aflaai.

God sou nooit vir Jesus aarde toe gestuur het om die werke van die duiwel te verbreek, net om dit later weer teen ons te gebruik nie.

Jy hoor so dikwels: ‘Ek het nou hierdie verskriklike siekte, en ek is seker Jesus gebruik dit om my iets te leer’ – nee, nooit nie.
Al wat dit doen is dat as jy nie die siekte in jou liggaam teenstaan in die Naam van Jesus Christus nie – jy maar net toelaat dat dit jou lewe verwoes.

Ons het genoeg vertroue in God dat ons op ‘n baie hoër en eerbare manier deur Hom behandel sal word.

Oop deure in jou lewe:

Paulus stel dit vir ons baie duidelik dat ons ‘n keuse het of die duiwel kan werk in ons lewe of nie.

Efesiërs 4:27;
‘En gee aan die duiwel geen plek nie’.

Dit beteken ek het ‘n keuse – óf ek laat dit toe, óf nie.

Wanneer jy oop deure in jou lewe toelaat, voel die duiwel hy het die reg om in te kom om te kom steel.
En dan natuurlik: As die deure toe is het hy geen kans om in te kom en te kom steel nie.

Kom ons lees wat met Kain gebeur het nadat hy sy broer Abel doodgeslaan het.
Eerstens moet ons weet wat in hom ingekom het:
Die gees van jaloesie, kwaad en van moord, en oop is die deure!
En hy gaan net aan en vermoor sy broer:
Toe hierdie negatiewe gesindheid in hom inkom, gebruik die Satan dit en Kain gaan net voort met sy verwoesting.

God sê vir Kain hierna in ***Genesis 4:7;***
‘En as jy nie goed doen nie—die sonde lê en loer voor die deur,

en sy begeerte is na jou; maar jy moet daaroor heers’.

Hier maak God dit baie duidelik: Satan lê en wag vir jou en hy wil op jou spring!
Kain het ‘n keuse gehad: Hy maak die deur oop vir sondige gedagtes en dit eindig in moord.
Om sonde toe te laat is ‘n progressiewe toestand – die een ding lei tot ‘n ander een.
Dis waarom ons ons gedagtes moet beheer en moet klaarmaak met die probleme in ons lewe, anders is die deur oop.

Wat dan lei tot oop deure?

1. Die Familielyn.
2. ‘n Krisis.
3. Onverskilligheid.

1. Die Familielyn:

Hier moet ons mooi let op die swakhede wat ons oorerf deur ons familielyn.
Dis oor en oor bewys dat as ons voorvaders sekere dinge toegelaat het, dit ons nou nog kan beïnvloed.

Die Tien Gebooie spreek hierdie ding aan:
Eksodus 20:5;
‘Jy mag nie afgode maak en jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is ‘n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat / wat My opponeer’.

Maak net seker dat jy alles wat negatief en sonde was in die voorgeslag, uit jou kry sodat jy die deure wat vir jou oopgemaak is deur die familie, kan toemaak.

Neem nou **onse Koning Dawid** in die bybel as voorbeeld.
Hy was ‘n man van God, koning van Israel en die ‘appel van God se oog’.

Koning Dawid het ‘n heilige lewe gely, maar kyk wat vang hy aan:

In 2 Samuel 11 en 12 lees ons dat hy ‘n middag in sy paleis wandel. Hy kyk af en sien ‘n mooi vrou bad.
Dit waarna hy kyk vorm ‘n gedagte in hom en skielik moet hy ‘n keuse maak.

Die Woord sê:
‘Neem elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan God’.
Hierdie heilige man laat egter toe dat sy gedagte-wêreld nie onder sy beheer bly nie.
Skielik kom daar ‘n invloed in sy emosies – en ‘n onreine gees van seksuele wellus en hoerery kom in hom op.

Is hy nog God se kind en is sy gees nog saam met God?
Maar natuurlik ja. God is in beheer van sy gees, maar nie van sy besluitneming nie – daar maak hy self die keuses.
Die gevolg: Koning Dawid is nie meer in beheer nie en daarom maak hy die verkeerde keuse.

Sien julle waar is die opening?
In sy emosies en in sy siels-dimensie, nie in sy gees nie.

Dawid hou aan met karring met hierdie vrou totdat sy boodskappers haar vir hom bring en hy met haar gemeenskap het.
Sy deure het oopgegaan vir sonde.
In hom was die ongeregtigheid van wellus en owerspel – dit was nog altyd daar.

Dit alles eindig nou in die daad van gemeenskap – dit was die sonde.
Die ergste gebeur ook nog – die vrou word swanger.

Van wanneer af is hoerery nie sonde nie?
Van wanneer af is owerspel nie sonde nie?
Van wanneer af is verkeerde en onbeheersde drange in jou liggaam nie sonde nie?

Wat sê die Here as ons so optree? ***2 Samuel 12:9***
'Waarom het jy die woord van die HERE verag deur te doen wat verkeerd is in sy oë?

Uría, die Hetiet, het jy met die swaard verslaan, en sy vrou het jy vir jou as vrou geneem'.

Nou kom die ergste deel: Wat Dawid nou hier aangevang het, beïnvloed nie net hom nie, maar ook sy nageslag.
2 Samuel 12:10-11;
'En **nou sal die swaard vir ewig van jou huis nie wyk nie**, omrede dat jy My verag het en die vrou van Uría, die Hetiet, geneem het om jou vrou te wees.
So sê die HERE: Kyk, Ek sal uit jou huis onheil oor jou verwek'.

Ons weet dat daarna nooit weer vrede in Dawid se huis gekom het nie. Sy eie kinders het in opstand gekom.
Salomo het verval met vrouens (soos sy pa) en Absolom is later wreed doodgemaak – alles agv. die vloek wat in hierdie familie gekom het.

In ***2 Samuel 12:12*** sê God vir Dawid verder:
'Want jy het dit in die geheim gedoen, maar Ek sal hierdie ding doen voor die hele Israel en in die volle sonlig'.

Dis net ons wat dink ons kan sondig in die geheim, maar ons besef nie dat dit later van die dakke af verkondig sal word nie.

Jy meneer, wat dink dat niemand die pornografie op jou selfoon en op jou laptop raaksien nie – neem kennis!

Wat doen God nog verder met Dawid?
Kom ons kyk hoe voel God oor hierdie tipe sonde:

2 Samuel 12:14

'Maar omdat u die vyande van die HERE deur hierdie saak aanleiding gegee het om grootliks te laster, sal die kind wat vir u gebore is, ook sekerlik sterwe'.

Hier sterf 'n kind oor die sonde van sy vader.
Net so sterf daar duisende kinders elke dag aan Vigs, net omdat hulle ouers hoereer het en self so Vigs gekry het.
Daar is altyd gevolge vir die sonde wat ons toelaat – en so dikwels gaan dit deur na die nageslag.

Ek sien so baie by my spreekkamer hoe daar siektes in families inkom en geslag na geslag aan dieselfde siektes ly en sterf.
Die hoë cholesterol, die suikersiekte en 'n lang lys siektes.
As daar eers 'n oop deur is in 'n familie, is daar altyd gevolge.

2. 'n Krisis:

'n Emosionele of liggaamlike krisis kan deure oopmaak.
Iemand gaan dood, 'n ernstige siekte, ellende in die familie.
Nadat die krisis hanteer is, moet hierdie deure net weer toegemaak word, anders herhaal die probleem homself net weer en weer.

3. Onverskilligheid:

Om onverskillig en ontkennend te wees oor wat die Woord sê, kan deure oopmaak in jou lewe.
Onverskillgheid maak openinge in jou verdediging en Paulus sê ses keer in die Woord dat ons nie onverskillig moet wees nie. ('not to be ignorant')

As jy nie werklik weet as ‘n kind van God wat jou regte is en wie jy in Christus Jesus is nie, hoe kan jy jouself verdedig?

Dan hoor ons die volgende:

* Hoe kon hierdie ding met my gebeur het?
* Dis die hoeveelste keer dat dieselfde ding net weer sy kop uitsteek.
* Hoekom gebeur dit dan altyd net met my?
* Hoe kan ek myself beskerm dat dit nie weer en weer kom nie?
* Wat moet ek doen om hierdie wrede siklus te stop?
* Ons het nooit gedink hy sou so iets doen nie, hy was dan altyd so ‘n gawe ou.

Kom ons gaan terug na **‘Die Sterkman’**

Mattheus 12:29;

’Of hoe kan iemand in die huis van ‘n sterk man ingaan en sy goed roof, as hy nie eers die sterk man geboei het nie? En dan sal hy sy huis beroof’.

Lukas 11:21-22;

‘Wanneer ‘n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid.
Maar as een hom oorval wat sterker is as hy en hom oorwin, neem hy sy volle wapenrusting weg waar hy op vertrou het, en deel sy buit uit.

In hierdie twee stukke noem Jesus die teenwoordigheid van die bose of die demoniese, ‘n ‘sterkman’.

Wie is die Sterkman?
Wat is sy naam?
Wat doen hy?
As ons eers die antwoord het op hierdie vrae dan kan ons fokus op dit en dit bind in die Naam van Jesus Christus.

So kan ons hom verwyder en hom verbied om terug te kom in ons lewe.

Dan volg die proses waar ons God se teenwoordigheid en Sy krag in ons lewens moet inkry.
Ons moet ons lewens daarmee vul en dan die skade wat deur die sterkman veroorsaak is, herstel.

In ons lewens kan ons vir ure lank die simptome van ons probleme probeer bind, maar die finale nekslag kom eers as ons die wortel van ons probleme – dis die sterkman, afgekap het.
Enige wortel wat so afgekap word, sal sorg dat die hele boom van probleme sal opdroog en weggaan.

In ‘n oorlogsituasie was dit nog altyd so.
As die generaal oorgee, sal al die troepe onder hom ook outomaties oorgee.

Lukas 11:24-26;

‘Wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus; en as hy dit nie vind nie, sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het.
En hy kom en vind dit uitgevee en versierd.
Dan gaan hy en neem sewe ander geeste, slegter as hy self, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste.’

Hieruit kan ons aflei dat dit nie net genoeg is om die sterkman te bind en hom met al sy besittings uit te gooi nie.
Opvolgwerk is absoluut noodsaaklik.

Ons moet leer hoe om die vryheid wat van God af kom, so te kan hou.
Dit gaan verhoed dat ons keer op keer met dieselfde probleem gaan aanhou sukkel.

Wie weet dat dit die ou probleme is wat heeltyd wil terugkom?

So baie Christene kom nie by 'n sekere punt in hulle geestelike lewe verby nie.

Ons groei en groei en dan skielik gebeur daar iets in ons emosies of gedagtes en ons val net weer terug.

Noudat jou lewe skoongemaak is deur belydenis van sonde en die loskom van sekere bindinge, moet ons in die Woord bly sodat ons kan verander in 'n huis vol van die Heilige Gees.

Jy moet oor en oor bely: 'Ek is tot alles in staat deur Christus Jesus wat my krag gee'.

3.HOE ONTWIKKEL VESTINGS IN ONS LEWE?

2 Korinthieërs 10:4-5;

'want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God **om vestings neer te werp,** terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,'

2 Corinthians 10:4-5;

'The weapons we fight with are not the weapons of the world. On the contrary, they have divine power to demolish strongholds. We demolish arguments and every pretension that sets itself up against the knowledge of God, and we take captive every thought to make it obedient to Christ.'

Vestings vorm in ons lewe agv 'n lewenspatroon wat ek volg of deur dinge wat ek toelaat in my lewe.

Dit kan ook oorge-erf word as dit alreeds in jou familie voorkom deur geslagte.
'n Vesting wat alreeds gevorm het is dit sterker as 'n gewoonte en is dus baie moeiliker om te hanteer.

Ons moet net weer herhaal:
Die grootste plekke waar satan 'n Christen kan aanval is in sy sielsvlak en in sy liggaam.

My Sielsvlak bestaan uit:
My emosies,
my intellek en
my vrye wil.

Die aanval deur Satan op die Christen se gees-dimensie is nie maklik nie want sy gees word deur God beheer, en deur God se Gees wat in ons woon.
Ons moet onsself net volkome deur God laat beheer.

Die grootste plek van oorlog bly **ons gedagtewêreld:**
Dit wat ons toelaat en waaraan ons dink.
Ons het 'n ewige stryd om ons gedagtes gevange te hou en gehoorsaam te hou.
'The battlefield is in the mind.'

NOU WAARMEE MOET EK BETROKKE RAAK DAT VESTINGS KAN VORM?

1. Deur vals-godsdiens en doktrines:

Deur verkeerde doktrine of godsdienste te volg gee so maklik aan satan 'n oop deur om 'n vesting in my gedagtes te bou.

Ek herhaal net weer: maak mooi seker dat hierdie nie as ‘n generasie toestand deur die familie kom nie.

As jy nou al ooit voorheen met iemand gepraat het of probeer redeneer het wat toegelaat het dat verkeerde dinge in sy gedagtes ingekom het, dan sal jy verstaan.
Dis asof jy met ‘n klip praat of teen ‘n muur te staan gekom het.

Sulke mense het betrokke geraak met ‘n afgodsdiens, ‘n kultus, ‘n filosofie of een van die ‘mind science’-teorieë.
Daar is net nie regtig ‘n manier om hulle te oortuig nie.

Jy kry soms die idee dat sulke mense vooraf klaar besluit het wat hulle wil glo en alreeds besluit het dat hulle nie werklik wil verander nie.
Ek sê altyd dat as iemand in iets snaaks betrokke geraak het, het daar ook ‘n ‘redenasie-gees’ in hom ingekom.
Hulle is so gewoond om hulle probleme te verdedig dat ‘aanval’ hulle eerste wapen en optrede is.

Hy is so slim en so reg om alles wat verkeerd is te verdedig en meestal raak hulle sommer agressief as jy ‘n sekere plek bereik.

Paulus waarsku in ***Kolossense 2:8;***

‘Pas op dat niemand julle as ‘n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie.’

‘See to it that no one takes you captive through hollow and deceptive philosophy, which depends on human tradition and the basic principles of this world rather than on Christ.’

Ons word gewaarsku in die Bybel dat aan die einde van die dae daar baie vals profete sal opstaan en ‘n menigte in die kerk sal mislei.

- Enige doktrine wat sê daar is baie godsdienste wat reg is, en dat daar baie paaie na God toe lei, is verkeerd.

Hulle wat nie kan sê dat Jesus Christus in die vlees gekom het, en die Seun van God is nie, keer jouself van hulle weg.

- Wees ook baie versigtig in die kerk vir mense wat met nuwe oortuigings alewig tweespalt in die kerk bring.

- Ook hulle wat kom leer dat die Heilige Gees geen rol speel in jou geestelike lewe nie.

2. Deur okkulte aktiwiteite:

Deur hiermee betrokke te raak, die okkulte, spiritisme of enige ander geestelike betrokkenheid, kan die deur oopmaak vir geestelike vestings.

Die vraag is waarmee het ek myself betrokke gekry of wat het ek toegelaat in my lewe – bewus of onbewus:

Toordery, okkult-byeenkomste (‘seances’), Black magic, ouija boards (soos glasie-glasie), levitasie, voorspellings handpalmlees, horoskope, handskrif analise, hipnose, astrologie, oproep van geeste van dooies, new age meditasie, yoga en asemhalingsoefeninge, Tarrot kaarte, mantras en transe, enige vorm van afgodsaanbidding.

So baie mense vandag praat van ‘geestelikheid’, maar hulle is in die verkeerde gees ingeplant.

As hulle ook praat van hulle ‘energie-velde’ of ‘mantra’s’, wees baie versigtig vir die ‘New Age’ idees.

Mense val so maklik in al hierdie dinge net omdat dit so maklik beskikbaar is.

<u>God sê in die Bybel sê duidelik dat die volgende dinge verbode is:</u>

- om op enige manier bonatuurlike kennis of informasie oor die toekoms te probeer kry,
- om op enige manier wysheid van die geeste te kry, en
- om op enige manier om deur ander geeste gelei te word.

Deuternomium 18:9-14;

‘ As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie.
Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan—wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat ‘n gees van ‘n afgestorwene vra of ‘n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie.
Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE ‘n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit.
Opreg moet jy wees met die HERE jou God.
Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers; maar wat jou aangaan, die HERE jou God het jou nie so iets toegelaat nie.’

‘When you enter the land the LORD your God is giving you,
do not learn to imitate the detestable ways of the nations there.
Let no one be found among you who sacrifices his son or
daughter in the fire, who practices divination or sorcery, interprets omens, engages in witchcraft,
or casts spells, or who is a medium or spiritist or who

consults the dead.
Anyone who does these things is detestable to the LORD,
and because of these detestable practices the LORD your God
will drive out those nations before you.
You must be blameless before the LORD your God.
The nations in your land will listen to those who practice
sorcery or divination. But as for you, the LORD your God has
not permitted you to do so.'

As gelowiges word ons aangemoedig om 'n lewe te lei waar daar geen kontak met die verkeerde is nie.

Wat maak nog deure oop?

* Televisieprogramme en flieks waar daar 'n tema van die bose is,
* Boeke wat oor demoniese dinge gaan wat **deur hulle** geskryf is,
* Deelneem aan demoniese speletjies en TV games,
* Om te luister na musiek wat demoniese lirieke het.

Families word so maklik geteister deur die demoniese omdat hulle onverskillig musiek, of boeke, of afgods-voorwerpe in hulle huis toegelaat het.
So baie keer is die onskuldiges in die huis dan nou ook die slagoffers van hierdie dinge.

Weet: okkulte voorwerpe trek bose geeste aan.

3. Deur geestelike trots en ydelheid:

('spiritual pride and vanity')

As jy deur geestelike trots die hele tyd rondloop en dink jy is beter en slimmer as almal, kan dit ook deure oopmaak in jou geestelike lewe.
Ons kan nie genoeg waak daarteen nie.

Dit is egter so dat mense wat werklik in geestelike wysheid beweeg,
ongelukkig baie maklik deur ander gekritiseer en beskuldig word.

In die Bybel lees ons in 2 Korinthieërs 12, dat Paulus glo hy het ‘n ‘doring in sy vlees’ (‘thorn in the flesh’) ontvang, om hom te weerhou van verwaandheid oor alles wat God aan hom openbaar het.

Die hele kwessie van geestelike verwaandheid is suiwer daar om ons weg te hou van vleeslike dinge, in plaas daarvan dat ons die pad moet aandui vir ander geestelikes.

Die sonde van trots, was juis Lucifer se val uit die hemele.

1 Timotheus 3:6;
‘Hy moet nie ‘n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie. ‘

‘He must not be a recent convert, or he may become conceited and fall under the same judgment as the devil.’

Hierdie vleeslike trotsheid veroorsaak dat persone onleerbaar word.
Dit kan eindig by:‘Ek sal self my lewe hanteer, ek kan myself red, ek het God nie meer nodig nie.’

Onthou dat bose geeste nog altyd mense wil mislei om afgode te dien en nie vir God nie.

4. Deur vrees en twyfel:

Die bose wil nog altyd ‘n vesting in jou kom vorm waar daar soveel vrees en twyfel in jou lewe is, dat jy twyfel of God werklik vir jou kan of wil voorsien.

Vrees is dodelik.
Dit bind jou en verlam jou.
Die vyand kan jou agv spanning en vrees so uitskakel, dat jy oneffektief vir God is.

Om die hele tyd te bekommer is het net ‘n te groot impak op jou liggaam en jou emosies.
As ons dit aanhoudend toelaat in ons lewe word dit ‘n vesting.

Openbaring 21:7-8;
‘Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ‘n God wees, en hy sal vir My ‘n seun wees.
Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.’

Revelation 21:7-8;
‘He who overcomes will inherit all this, and I will be his God and he will be my son.
But the cowardly, the unbelieving, the vile, the murderers, the sexually immoral, those who practice magic arts, the idolaters and all liars - their place will be in the fiery lake of burning sulphur.

Die kwessie van vrees en twyfel is groot.
Die oplossing is eenvoudig: **Liefde verdryf die vrees.**
Die vrees mag nooit so groot word dat dit ons verhinder om vir God
lief te wees nie.

2 Timotheus 1:7;
'Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.'
'For God did not give us a spirit of fear, but a spirit of power, of love and of self-discipline.'

5. Deur ander sonde:

Om in gewoonte-sonde te verval maak 'n opening in my huis. Dit beteken net dat 'n sondige patroon maar net oor en oor homself herhaal in my lewe. Ek is kwaad en bitter, en bly kwaad en bitter.
As dit net toegelaat word en nie beheer word nie, vorm dit 'n vesting in my lewe.

Efesieërs 4:22-32;
'dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.
Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede.
Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; en gee aan die duiwel geen plek nie.
Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.
Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.
En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.
Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid.
Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.'

3.DIE GEES VAN VREES

God kom bevestig sy verbond met ons as Hy sê:
'Waarheen Ek jou oral stuur, gaan nie altyd net 'n aangename taak wees nie, maar Ek verwag van jou om daar deur te gaan'.

Ons mag nie meer onverskillig wees noudat ons die waarheid ken nie. Aanvaar net God se boodskap binne-in jou hart.
Weet één ding: Jesus Christus is op hierdie oomblik besig om die antwoord op al jou probleme uit te werk.

Kom ons kyk na **koning Saul** se lewe:
Hy word koning en verklaar alles heilig.
Hy maak sy land skoon van afgodediens en stop al die praktyke van die okkulte en die fortuinvertellery.

Maar wat gebeur as dinge begin sleg gaan met hom ?
Hy verloor al sy selfvertroue en in alles waarin hy glo.
Vrees pak hom beet!

Hy verloor fokus en skielik vind ons hom waar hy teruggaan na 'n waarsegster toe.
Terug na die dinge toe wat hyself verban het in sy land.

Die oomblik as jy jou selfvertroue verloor, is jou fokus weg en twyfel kom in jou lewe in.

Onthou: Die Here het alles vir ons gedoen – al wat Hy verlang is vir ons om te glo.

2 Timotheus 1:7;
'Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.'

Dis ‘n gees wat inkom, nie net ‘n gesindheid nie.
Hierdie gees kan ook in jou geestelike realm wees en nie net in jou emosies nie.

Daar is twee tipes vrees – positiewe en negatiewe vrees.

Positiewe Vrees:

Dit is ‘n natuurlike tipe beskerming wat normaalweg keer dat ons onsself seermaak.
Ons steek nie ons hande in vlamme nie want ons weet dit sal seermaak en permanente skade aan ons liggame doen.

Kom ons noem dit ook ‘’n dieper tipe respek’ vir gevaar.
Ek is bang vir elektrisiteit en vuur – ek respekteer hulle wette.

Dieselfde positiewe vrees geld ook vir God:

Psalm 111:10;
‘Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het ‘n goeie verstand’.

Ek lê my neer voor God se opdragte, uit respek vir wie Hy is.

As ons nie **vrees** mooi verstaan nie, kan die natuurlike positiewe vrees skielik verander en so intens word dat die gees van vrees die negatiewe vrees, nou oorneem.

Dit gebeur bv. na ‘n ongeluk of ‘n tragedie dat positiewe vrees agv oorreageer, verander na ‘n onhanteerbare vrees.
Dit word ongelukkig aangedryf deur die sterkman, wat nou toegelaat word om te opereer.

Negatiewe Vrees kom in werking wanneer dit ons geestelike lewe en ons persoonlikhede aantas.

Negatiewe vrees demp ons geloof, ons vreugde, ons vrede en ons liefde. Dit begin om ‘n patroon te word in my lewe.

Dit bind en verlam en verswak Christene tot op ‘n plek waar die volgende dinge nou met ons begin gebeur, nl. gebondenheid en siekte.
Ons weet uit die mediese oogpunt dat vrees die slegte wortel is van baie verskillende siektes.

Die realiteit is dat negatiewe vrees, die negatiewe geloof van die duiwel is.
Die oomblik as ons vrees toelaat om ons lewens te beheer, begin ons meer glo in wat die duiwel vir ons sê, as wat ons glo wat in God se Woord staan.

Vrees is die direkte opposisie van God se wette.

Daarom staan daar in ***Openbaring 21:8;***
’Maar wat die ***vreesagtiges*** aangaan en die ***ongelowiges*** en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars - hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.’

As jy God nie kan vertrou en deur vrees beheer word, kan jy alles verloor - selfs jou lewe.

Ongeloof:

Jesus maak ‘n skerp opmerking oor sy dissipels se geloof tydens die storm op see;

Mattheus 8:26;
‘En Hy sê vir hulle: Waarom is julle bang, kleingelowiges?’
Toe staan Hy op en bestraf die winde en die see, en daar het ‘n groot stilte gekom.

Hy noem hulle keingelowiges.
Kyk die Engels:
Mat 8:26; He replied, 'You of little faith, why are you so afraid?'

Hierdie is net weer 'n voorbeeld van hoe normale positiewe vrees, skielik verander in negatiewe vrees.
Dis reg om versigtig te wees vir die see, maar die storm veroorsaak dat hulle vrees uit verband raak.

Waarom en vir wat was hulle bang?
Wel, defnitief dat hulle moontlik kon verdrink.
Hulle het ongelukkig klaar vergeet dat hulle "geloof" agter in die boot gelê en slaap het.
Klaar vergeet dat Jesus mag het oor die dood – Hy is dan die lewe.
Maar, daar is baie menslikheid in hierdie verhaal.
Die een ding wat meeste mense vrees is juis om dood te gaan.
Maar volgens Openbaring 21:8 is dit presies wat hulle sal kry as hulle die hele tyd in vrees lewe – die 2de dood.

Luister mooi:
Die 1ste dood laat jou sterf.
Die 2de dood laat jou verlore gaan!

Vrees in die Tuin van Eden:

Dis die eerste aantekening van vrees van die menslike ras.
Dit kom nadat Adam en Eva sonde gedoen het.

Genesis 3:10;
En Adam antwoord: 'Ek het u geruis gehoor in die tuin en **gevrees,** want ek is naak; daarom het ek my verberg.'

Dink julle daar is 'n verband tussen sonde en vrees?

In baie gevalle is daar.

Die sondaar het alle rede om in vrees te lewe want hy is in 'n posisie van ongehoorsaamheid teenoor God.
As jy nou so in vrees lewe is dit maklik vir die verwoester om jou uit te haal.

Liefde:

1 Johannes 4:18;
'Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryfdie vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.'

Adam en Eva het perfekte liefde gehad voor hulle sonde gedoen het.
Daar was geen vrees nie – nie vir die diere of die elemente of selfs vir God nie.

Die mens wat God se Woord gehoorsaam, moet nooit toelaat dat vrees hom gevange neem nie, veral as hy weet dat vrees nie van God is nie.

Kom ons herhaal die hoofvers:
2 Timotheus 1:7;
'Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.'

'For God did not give us a spirit of fear, but a spirit of power, of love and of self-discipline.'

Dit beteken net dat ek en jy in Jesus se Naam kan weier om dit te vat, want wat nie van Jesus af is nie, is ook nie vir my nie.

"Moenie vrees nie" staan op een of ander vorm 365 keer in die bybel – een keer vir elke dag van die jaar!

Simptome van vrees:

Fobia's, nagmerries, bekommernis, stres, psigiese afwykings, siekte, hartaanvalle en die dood.

Dis medies bewys dat hoë emosionele vlakke die hart-ritme kan versteur, tot by 'n punt waar dit akute hartversaking kan veroorsaak en so die dood.

'Stadig, jy gaan 'n aar bars!'
'Kalmeer, jy gaan 'n hartaanval kry as jy jou so bekommer of so bang is'.

Jesus self het gesê dit gaan een van die tekens van die einde wees:

Lukas 21: 25-26;
'En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en **mense se harte beswyk van vrees** en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.'

Job:

Na alles wat met Job gebeur het, erken hy dat die opening in sy lewe vir die katastrofe, was vrees.

Job 3:25;
'As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my; en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe.'
Na alles maak Job die deur oop vir 'n vesting in sy lewe.
Die ding waarvoor hy vrees om te verloor: sy kinders se lewe, sy eie gesondheid en sy rykdom, maak die deure alles oop.

Toe Satan vra vir toegang tot Job se lewe, het hy alreeds 'n wettige oop deur gehad in sy lewe.
Die deur van vrees gaan oop en Satan gebruik elke geleentheid om hom aan te val.

Dis belangrik om te let dat Satan tot in daardie stadium geen kans gehad het om Job aan te val nie – daar was ‘n heining van beskerming van God om hom.

God kon Satan beperk in wat hy doen, maar Hy kon hom nie gekeer het nie.
Satan kon aangaan totdat God nou keer, nadat Job sy gedagtes oor die lewe verander het.

Ons moet net dankbaar wees dat God dit nie met elkeen van ons laat gebeur wat vestings in ons lewe het nie.
Ons oorleef net deur God se genade oor ons!

Daar het ‘n tyd gekom dat Job sy vrees oorkom het, en die deur toegemaak het.
Daarna kom sy oorwinning.
Nooit in die 140 jaar wat hy nog gelewe het, het die Satan ooit weer ‘n oop deur gekry in sy lewe nie.

Nagmerries:

Psalm 91:5;
‘Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie,’

Hier staan dat ons vry kan wees van vrees – al slaap ons saans.
As hierdie dinge gebeur saans, wat moet ons bid?

Psalm 56:4
‘Die dag as ek vrees, sal ék op U vertrou.’

So baie mense het al aande deurgegaan met hierdie versie.

Onthou: ‘n mens kan net aan één ding op ‘n slag dink.
As ons nou elke gedagte gevange neem tot gehoorsaamheid, dan oorkom ons die vyand.
Ons verwerp dus die vyand se gedagtes as ons die verse aanmekaar opsê - en glo.

Raad: As enige ding opduik wat vrees vooroorsaak, moet jy dit ***aggressief*** beveg.

Sê dadelik kliphard:
'God het nie aan my 'n gees van vrees gegee nie, so ek verwerp vrees in Jesus se Naam!
Jy gees van vrees, gaan dadelik van my af weg in Jesus se Naam!'

'Vrees is normaal':

So baie sê dit.

'Ag dis normaal om vrees te hê, ek is nog my hele lewe so.'

Dit is normaal vir sondaars om vrees te hê, maar dis nie vir God se kinders nie.
Van wanneer af is vrees dan nou nie meer sonde nie?
Christus het ons vrygemaak van vrees, as ons net Sy Woord gebruik.

Kyk maar in die flieks van vandag hoe Satan dit regkry om mense sy slawe te maak deur vrees.

Moet nooit na sg. "Horror movies" gaan kyk nie.
Die gees sit net daar en wag om in te kom.
Ek weet baie dinge gebeur in die media, maar om blatant te gaan soek vir moeilikheid, is tog onsinnig.

Om te dink jy gaan betaal geld vir die 'voorreg' om emosioneel verniel te word deur 'n gees van vrees, kan tog nooit van God af wees nie.

Fobia's:

Daar is so baie:
acrofobie – vrees vir hoogtes
astrafobie – vrees vir weerlig;
klausterfobie – vrees vir nou plekke

hydrofobie – vrees vir water; nyctofobie – vrees vir die nag
arachnofobie – vrees vir spinnekoppe

Alles is die gees van vrees.

Daar is so baie dinge in ons lewens wat gewortel is in die gees van vrees:

* oormatige bekommernisse
* stres
* spanning
* angsaanvalle
* wantroue
* onnodige psigologiese afwykings,

en alles wat ons keer om 'n normale kommervrye lewe te lei, is gewortel in vrees.

Ons moet van dit alles ontslae raak as ons 'n normale vry lewe in Christus wil geniet.

Gebede:

'Vader, ek weet nou regtig dat vrees nie van U af is nie.
Ek leer dat vrees, bekommernis en twyfel die negatiewe geloof van die vyand is.
Vergewe my Vader dat ek ooit getwyfel het dat U werklik na my kan omsien en my beskerm.
Ek gaan U werklik nou vertrou in my lewe.
Ek maak U van vandag af die bron van sekuriteit in my lewe'.

AMEN

Oorlogsgebed:

'Satan, in die Naam van Jesus Christus, ek breek die mag van die gees van vrees in my lewe.
Ek weier enige verdere aanvalle van vrees.

Laat my nou staan, en kom nooit weer terug nie!
As jy gaan probeer terugkom, sal ek die Swaard van die Gees, teen jou gebruik.
In Jesus se Naam.'

AMEN

Ongehanteerde wortels van vrees speel 'n baie groot rol in die volgende siektes:

Vaskulêre siektes:
Angina pectoris (hartkrampe), hipertensie, beroertes, hartkloppings

Allergieë:
Allergie, hooikoors, ekseem-velle, asma, sinusinfeksie.

Gastro-intestinaal:
Konstipasie, maagsere, spastiese kolon, dikderminfeksies, chroniese braking.

Spanning:
Rugspierspasme, kroniese hoofpyne, kroniese rugpyn, stres, moegheid, rusteloosheid, angsaanvalle, paniek-aanvalle, migraine, depressie, fibromialgie, slaaploosheid, fobia's.

Aknee: vrees vir mense, vrees vir verwerping, drukgroep

Diabetes, lae bloedsuiker.

Impotensie.

Gordelroos.

"Workaholics" : vrees vir armoede.

5.DIE GEES VAN JALOESIE

Jaloesie en trots is die oudste sondes in die wêreld.
Hulle het alreeds bestaan voor die mens op aarde was.

Lucifer was perfek-geskape deur God – pragtig en hy was oor al die geskape wesens in die hemele aangestel – maar hy het jaloers op God geword.
God het hom nie so geskape nie - Lucifer self maak 'n keuse – 'n keuse wat hom alles gekos het.

Jesaja 14:12-14;
'Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad!
Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!
En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! '

Oor hierdie rebellie in Lucifer word hy uit die hemele uitgegooi en word hy die Satan – die owerste van die duisternis.

Later in die Tuin van Eden doen Adam en Eva sonde nadat hierdie selfde Satan hulle mislei en word hulle ook uitgegooi uit die Paradys.
Hierdeur kry Satan weer die heerskappy van die wêreld terug.

Satan sal nie ophou om sy reg uit te oefen op almal van die menslike ras wat nie met hom wil saamwerk nie.
Dit sal aangaan totdat die einde sal kom.

'n Voorbeeld hiervan sien ons in die bybel, waar mense hulle self deur hom laat mislei het: In hierdie geval spesifiek deur jaloesie.

Numeri 5:14;

'En daar het 'n gees van jaloersheid oor hom gekom, sodat hy jaloers word op sy vrou terwyl sy haar inderdaad verontreinig het'.

Moord:

Die een feit is dat mense wat nie hulle humeur kan beteul nie, hulle maklik oopmaak vir die sterkman van jaloesie.

Wat gebeur met Kaïn?

Genesis 4:5;

'Maar Kain en sy offer is nie aangesien nie. Toe word Kain baie kwaad, en hy het sy hoof laat hang, en toe hulle in die veld was, het Kain teen sy broer Abel opgestaan en hom doodgeslaan.'

Ons tronke is vol moordenaars, vroueslaners en kinder-molesteerders wat almal daarna sê dat woede en jaloesie hulle sover gedryf het.
Verder as die normale limiet.

Josef:

Hierdie is 'n klassieke verhaal van hoe ver jaloesie mense kan dryf:

Genesis 37:3-4,8

'En Israel het Josef meer lief gehad as al sy seuns; want hy was vir hom 'n seun van die ouderdom; en hy het vir hom 'n lang rok met moue gemaak.
Toe sy broers sien dat hulle vader hom meer as al sy broers liefhet, het hulle hom gehaat en kon nie vriendelik met hom praat nie.
Toe sê sy broers aan hom: Wil jy miskien oor ons regeer? Of wil jy miskien oor ons heers? En hulle het hom nog meer gehaat oor sy drome en oor sy woorde.'

Josef, een van die jonger broers kry 'n kleed met kleure.
Dit het vir almal gewys dat hy die hooferfgenaam is.

Die tien ouer broers het dit nie so gesien of so verstaan nie!
Al wat dit in hulle gemaak het was jaloesie, haat en moordgedagtes.
Hulle neem agv. hierdie gees in hulle 'n besluit en raak ontslae van Josef.

Wraak:

Dis 'n ander eienskap van die gees van jaloesie.
Die feit is dat Jakob geen reg gehad het om vir Josef voor te trek nie, maar dit het ook nie aan sy broers die reg gegee om hom te verniel nie.

Wat sê God hiervan?

Romeine 12:19;
'Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.'

In hierdie geskiedenis van Josef sien ons 'n belangrike ding.
Dit neem tyd, maar God sorteer hierdie probleem vir hulle uit!
God doen dit altyd – gee Hom net 'n kans.
Dis gewoonlik ons ongeduld wat keer dat God alles mooi kan uitwerk!

Josef het nie 'n vinger verroer om wraak te neem nie.
Die broers betaal vir hulle jaloesie en wraak baie duurder as wat hulle ooit gedink het sal gebeur.

Alhoewel hulle hul Vader Jakob oortuig het dat Josef dood is, moes die broers vir jare hulle vader se verdriet sien en sy geween aanhoor.

Hulle het gedink die saak met Josef was afgehandel – dat daar vroegtydig van hom ontslae geraak is.
Maar jaloesie en wraak en haat bereik nooit wat hulle vir ons in ons gedagtes kom sê nie.

Skielik staan die broers se oorspronklike probleem net weer voor hulle op. Hier moet hulle erken dat alles ‘n baie groot fout was!

Josef laat hulle verseker nie so maklik net ontkom nie, maar die gebrokenheid in hom toon dat sy optrede nie uit wraak was nie.
Hy was slegs die instrument in God se hande wat God gebruik om vir sy tien broers ‘n les te leer wat hulle nooit sou vergeet nie.

In die geestelike wêreld moet ons ook altyd besef:
‘Ons is nie die boodskap nie, ons is slegs die boodskappers.’

Paulus leer ons in ***Romeine 12:19-21;***
‘Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.
As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.’

Hierdie is God se manier van dinge doen:
Ipv. om ‘n hele klomp bagasie van jaloesie en haat en wraak saam te dra jou hele lewe lank, gee dit vir God oor om te hanteer.
Hy sal dit vir jou doen.
Almal van ons kan getuig dat God ‘n saak kan uitsorteer.

Deur die jare was daar baie wat voordeel uit ons probeer trek het, jaloers op ons was, lelike dinge van ons gesê het, ons te na gekom het, maar julle weet God het hulle almal in ‘n stadium teruggebring en hulle laat besef hulle was verkeerd.

Wees altyd buigsaam want dit sal verhoed dat jy uit vorm gedruk kan word.

Kompetisie:

Dis een aspek wat ons nie moet miskyk nie.
Of dit op die sportveld was, in besigheid was, in die huwelik was – enige onnatuurlike kompetisie maak jou oop vir die sterkman van jaloesie.

Ek weet tog baie goed dat kompetisie goed en soms werklik noodsaaklik is - maar as dit jou dryf en balans laat verloor, gaan dinge verkeerd.

In albei die gevalle van Kain en Abel en Josef en sy broers, het hierdie kompetisie-gees hand uitgeruk.
Wat word die spreekwoord van hierdie 'ek wil altyd wen'-mense:
'Om te wen is nie belangrik nie – dis alles!'
'Winning is not important - it's everything!'

Ek wil tog net hier ook iets sê oor pa's en ma's langs die sportveld:
Pa's en ma's is bereid om te verneuk, te manipuleer en alles te doen dat hulle ou klein bloedjie tog net kan wen!
Hoe skuldig is ons dan tog nie!

Is hierdie maar net 'n gees wat oordra – van geslag tot geslag.
Asof ons eintlik vir God wil sê: 'Luister God, hier het ons U vandag nie nodig nie – hier sorteer onsself sommer die dinge uit!'

Hoe kom hierdie gees in ons in?

Hierdie is 'n lys van dinge in jou lewe wat kan lei tot probleme later:

Gierigheid, afguns, haat, jalousie, verdeeltheid, onmin, tweedrag, liggeraak, wraakgedagtes.

Hierdie is dodelike saailinge.
As jy hulle laat groei tot groot plante is daar probleme.
Hulle moet baie vroeg wortel en tak verwyder word uit jou lewe.

As Satan hierdie sagte plekke vir sonde raaksien in jou, stuur hy dadelik die sterkman na jou toe.
So 'n swakhied in jou word 'n groot vesting, wat later bo-natuurlike krag nodig het om verwyder te word.

Dis wanneer ons eindig waar ons bevryding nodig het.
Iets wat lankal al hanteer moes gewees het.
Hoe raak ek hiervan onslae, as dit eers daar is?
'Die opregte liefde van God' is die enigste effektiewe teenmiddel vir jaloesie en wraak en al die bose werke saam met hulle.

Spreuke 10:12;
'Haat verwek twiste, maar liefde bedek al die oortredinge.'

As ons nou werklik die sterkman identifiseer het in ons lewe, moet ons in die Naam van Jesus Christus die 'jaloesie-gees' bind en die liefde van Christus ontbind in sy plek.
Dan moet ons 'n lewe lei waar ons alle pogings van hierdie gees om terug te kom, teë kan staan.
Die strekman sal altyd wil terugkom, totdat jy aan hom bewys het deur jou Woord-gebaseerde lewe dat jy daardie soort leefwyse eens en vir altyd verwerp het.

Kom ons begin deur God vir Sy vergifnis te vra.
'Vader, ek kom na U toe in die Naam van Jesus Christus.

Ek erken dat ek myself oopgemaak het vir aanvalle van die gees van jaloesie. Vergewe my Vader en help my om 'n lewe te lei wat U eer.

Satan, in die Naam van Jesus Christus, breek ek die mag van die gees van jaloesie in my lewe.
Jy het nie meer 'n oop deur in my lewe deur hierdie gees nie.

Dankie Vader dat U my mag gee oor die krag van die duiwel. Ek laat die liefde van Christus in my invloei en my oorwinning gee.
In die Naam van Jesus Christus.

AMEN.

GEES VAN JALOESIE: WORTELS:

Die werke van die vlees. Galasiërs 5:19-21.

VRUGTE VAN GEES VAN JALOESIE:

- **Jaloesie:** Numeri 5:14, 18
- **Moord:** Genesis 4:8
- **Wraak:** Spreuke 6:34 en 14:16-17
- **Kwaad / Woede:** Genesis 4:5-6; Spreuke 6:34 en 14:29 en 22:24-25 en 29:22-23.
- **Onenigheid en onmin**: Spreuke 10:12
- **Haat:** Genesis 37:3,4,8; 1 Thessalonicense 4:8
- **Wreedheid:** Hooglied 8:6; Spreuke 27:4

- **Onnatuurlike kompetisie:** Genesis 4:4-5
- **Vermetelheid:** Spreuke 13:10
- **Afguns:** Spreuke 14:30
- **Tweedrag:** Galasiërs 5:19

DIE GEES VAN VOORSPELLINGS / WAARSÊERY:

Die woordeboek beskryf dit as:
'Die doel om die toekoms te vertel of te voorspel of om dinge wat verborge is te openbaar deur okkulte of bonatuurlike maniere'.

Die Bybel wys baie duidelik daarop dat mense wat gereeld hierdie dinge doen, beheer word deur bonatuurlike geeste wat hulle in staat stel om informasie te bekom vanuit 'n bron wat nie vir die normale mens beskore is nie.
Dis ook so dat demoniese geeste voortdurend informasie deurgee aan fortuinvertellers en towenaars.

Kom ons kyk wat sê die Bybel:
Handelinge 16:16-18
'En terwyl ons op pad was na die bidplek, kom 'n slavin met 'n waarsêende gees ons teë, wat vir haar eienaars deur waarsêery groot wins ingebring het.
Sy het Paulus en ons gevolg en geskreeu en gesê: Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing.
En dit het sy baie dae lank gedoen; maar baie ontevrede daaroor, het Paulus hom omgedraai en vir die gees gesê: Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus om uit haar uit te gaan. En hy het op dieselfde oomblik uitgegaan'.

Hierdie meisie was ‘n erkende fortuinvertelster in haar dorp. Alhoewel sy die waarheid oor Paulus-hulle gesê het, was dit nie haar voorneme om hulle daarmee te help nie.

Inteendeel, sy was ‘n meisie met ‘n reputasie, en Paulus wou gladnie gehad het dat sy moet aanhou praat nie.
Die idee is om die koninkryk van Jesus Christus te vestig deur dade en goeie werke, en nie deur wêreldse mense nie.

Toe die Heilige Gees dit alles aan Paulus duidelik gemaak het, het hy dadelik opgetree en die bose gees verwyder uit haar uit in Jesus se Naam.
Let op dat hy nie met die meisie gepraat het nie, maar met die gees wat in haar was.
Hierdie is net weer ‘n bewys dat die krag van God altyd groter is as die krag van die wêreld.

Interessant om te let daarop dat die vertaling: ‘’n Waarsêende gees’ in die oorspronklike Grieks net vertaal word as ‘she had a spirit of python.’

1 Johannes 4:4;
‘En het julle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is’.

Die demoon moet altyd sy knie buig voor die kind van God as hy so beveel word in die Naam van Jesus Christus.
Hierdie is ook ‘n bewys dat God wil werk deur Sy kinders teen die magte van duisternis.

Die oorlog van die heelal is God teen die duiwel, goed teen kwaad.
Hierin moet daar ‘n keuse gemaak word – jy kan nie leef met die krag van beide kante af nie.

2 Korinthiërs 6:17, 14;

'Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here.. Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deel het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?'

Die grootste probleem is dat Christene nie altyd bewus is waar die skeiding lê tussen God se dinge en die duiwel s'n nie. Wanneer Christene dan stadig op die speelvlak beweeg wat vir hulle onskuldig lyk - maar hierdie speelplek behoort intussen aan Satan, bring dit groot drama in hulle geestelike lewe.

Mense wat voorheen gegaan het dat hulle toekoms vertel moet word of vir kennis oor spesifieke sake, sê baie keer daarna: 'Ag, dit was sommer net onskuldig. Ek het my nie te veel gesteur aan wat hulle vir my gesê het nie. Julle oordryf nou net die ding'.

Dit kan vergelyk word met 'n soldaat wat tydens die oorlog 'n verkeerde pad gevolg het en in die vyand se terrein beland het. Toe hulle hom vang, sê hy: 'Ag jammer, verskoon my. Dit was nie my bedoeling om hier te eindig nie – dit was 'n ou foutjie aan my kant. Julle oordryf seker om my nou te wil vang!'

Die tyd in Europa waar ons die heel meeste besoeke by voorspellers en mediums gesien het, was in die Tweede Wêreldoorlog. Derduisende Duitse Soldate het nie terggekeer na die inval in Rusland nie. Almal se families het gestroom na hierdie mense met die vraag: 'Is hy in 'n Russiese konsentrasiekamp – lewe hy nog- is hy dood?'
Soveel van hierdie mense het getuig dat daarna 'n tydperk van duisternis in hulle lewens ingekom het en soveel het selfmoord gepleeg.

Demone kan nie vertrou word om jou leiding te gee nie. Hulle meng hulle kennis met leuens om jou belangstelling te hou.

Waarvan moet ek van wegbly op die vlak van voorspellings?

Voorspellings is nie net geestelik nie, maar baie voorwerpe word ook gebruik.

Fortuinvertellers, sand, bene, voorwerpe wat in rituele gebruik

word, teeblare, Tarot kaarte, handpalm-lyne, horoskope,

Ouija borde (uitspraak:'Wheedjee'), kristalballe, glasie-glasie

borde, verjaarsdagstene, geluksvoorwerpe ('charms'),

okkultiese komputer speletjies en verdowingsmiddels.

Ook dinge soos:

toordery, levitasie, hipnose, waterwys, outomatiese handskrif, okkultiese literatuur en handskrif analise.

Wat sê God hiervan?
Miga 5:12;
'Verder sal Ek uitroei die towerye uit jou hand, en jy sal geen goëlaars meer hê nie.'

'I will destroy your witchcraft and you will no longer cast spells.'

Jeremia 27:9;
'Julle moet dan nie luister na julle profete en na julle waarsêers en na julle dromers en na julle goëlaars en na julle towenaars nie, wat met julle spreek nie.'

'So do not listen to your prophets, your diviners, your interpreters of dreams, your mediums or your sorcerers.'

God haat voorspellings want dit mislei mense en dan soek hulle antwoorde van sataniese geeste, ipv. van God en Sy Woord.

Ons kan nie die leiding van die Heilige Gees en leiding van Satan meng, sonder om probleme te skep nie.

Miljoene mense doen dit daagliks as hulle horoskope en sterre voorspel raadpleeg ipv God vir hulle daaglikse leiding te vertrou.

HOROSKOPE:

Alle Christene wat dit lees sal vir jou sê:
'Ag, dis tog net 'n skadelose speletjie.'
'Ek doen dit vir pret, net om te kyk of die goed regtig gaan gebeur.'

In Amerika is daar 41 miljoen mense, meestal vrouens, wat glo in astrologie en dat sterre jou lewe beïnvloed en beheer.
Daar is net soveel mense binne in die kerk, as buite die kerk, wat dit glo.
In Suid-Afrika kan 80% van alle blanke mense jou sê onder watter sterre-teken hulle gebore is.

Op ons kampe en waar ek opleiding gee, steek 90% van vrouens hulle hande op as ek vra wie het al die sterre-voorspel gelees.

Jesaja 47:13-14;

'Jy het jou vermoei met die menigte van jou planne; laat hulle tog optree en jou red—die wat die hemel indeel, die sterrekykers wat elke maand laat weet wat oor jou sal kom.
Kyk, hulle het geword soos stoppels, vuur het hulle verbrand; hulle kan hulself nie red uit die mag van die vlam nie'

Alle vorige volke en beskawings het ten gronde gegaan oor hulle astrologie-deelname.
Die Egiptenare het die son aanbid, maar is neergewerp. Al die ander volke wat deur die eeue betrokke geraak het met die okkulte, is verwoes.

Wat is die simptome van mense wat hulle laat lei deur voorspellings?

Verwarring, aanhoudende probleme, vrees, haat, bitterheid, aanhoudende misverstande en onbreekbare gewoontes.

HIPNOSE:

Almal wat hulle ooit laat hipnotiseer het, het bevryding nodig. Jy sal dit moet bely as sonde en vergifnis moet vra dat jy dit toegelaat het.
Daarna bevryding van die gees van voorspellings.

Wat gebeur met hipnose?

Net voor jy gehipnotiseer word, moet jy toelaat dat al jou gedagtes in 'n passiewe toestand kom.
Dis al hoe die mens wat jou hipnotiseer dit kan regkry om jou 'mind' te stuur in die rigting waaroor julle ooreengekom het.

'n Toestand van passiewe gedagtes is gevaarlik want jy is onbeskermd. Dis juis waarvoor die bose geeste sit en wag – hulle soek net inkom kans.

TOWENAARS en GŐELAARS:

Hulle hele doel is om jou met verskeie soorte vloeke en towery in te trek in die net van Satan.
In die geesteswêreld ook bekend as hekse (‘witches’)

Openbaring 21:8;
‘Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.’

‘But the cowardly, the unbelieving, the vile, the murderers, the sexually immoral, those who practice magic arts, the idolaters and all liars--their place will be in the fiery lake of burning sulfur. This is the second death.’

VOORWERPE en GESKENKE:

Wees baie versigtig.

Daar sal altyd mense wees wat sal twyfel of sekere dinge dalk nie goed is om in hulle huise te bring nie.

Deuternomium 7:25-26
‘Die gesnede beelde van hulle gode moet julle met vuur verbrand; die silwer en die goud wat daaraan is, mag jy nie begeer of vir jou neem nie, dat jy nie daardeur verstrik raak nie; want dit is vir die HERE jou God ‘n gruwel.
En jy mag geen gruwel in jou huis inbring nie, sodat jy nie net so onder die banvloek kom nie; jy moet daar heeltemal ‘n afsku van hê en dit geheel en al as gruwel beskou; want dit is onder die banvloek.’

VIDEOSPELETJIES/ ANIMASIE FLIEKS:

Wees baie versigtig wat boetie en sussie na kyk.

Hier word hulle geleer hoe om vloeke uit te spreek en hoe om kontak te maak met geeste.

Voorbeelde:
Dragon Ball Z ('Zie'), Ben Ten, Pokemon, Doral.

Daar is 'n geweldige aanslag op ons jeug a.g.hiervan.
Satan gebruik hierdie medium om die jeug te vernietig.
Jong kinders spandeer werklik ure elke dag voor die skerm en kyk en speel hierdie speletjies.

Die volgende wat gebeur is rebellie en ongehoorsaamheid aan hulle ouers.
Hierdie kinders sal as jy hulle konfronteer net wegstap, goed rondgooi en ongehoorsaam wees.

Ons het nou almal al gelees van die agtjarige wat agv hierdie gedrag deur 'n motor doodgery is, en in die hel is !

Hulle moet almal 'n keuse maak – hulle weet van Jesus en hulle weet van Satan – en dis die gevolg van hulle keuses.

Vandag moet jy dink aan jou eie lewe en waar jy dalk op hierdie vlak deure oopgemaak het.
Oop deure van besoeke aan voorspellers, horoskope lees, hipnose, towenaars en verkeerde speletjies.

Vra vir die Here Jesus om saam met jou terug te gaan na daardie dag toe jy hierdie sonde gedoen het.
Bely jou sonde aan Hom en vra vir Sy vergifnis.
Dank Hom nou dat hy jou vrygemaak het.

AMEN.

GEBED:

Vader, ek kom na U toe in die Naam van Jesus Christus.
Dankie dat U Woord my bewus maak van die Heilige Gees en van my sonde.
Vergewe my asseblief Vader vir enige deelname in die verlede of nou nog, met die okkulte en met voorspellings.
Ek is vir U lief Vader en wil werklik 'n lewe ly wat U behaag.
Maak my vry daarvan in Jesus Christus se Naam.

Satan, in Jesus Christus se Naam breek ek die gees van voorspellings in my lewe.
Enige ooreenkoms wat ek of my familie in die verlede met jou gemaak het vir informasie oor die toekoms, breek ek nou in Jesus se Naam.
Jy Satan het geen verdere houvas op my lewe of op die lewe van my kinders nie, in Jesus Christus se Naam.

AMEN

7.DIE GEES VAN WAARMOEDIGHEID

Jesaja 61:3;
'Om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees;'

SIMPTOME VAN WAARMOEDIGHEID:

Soos hierdie sterkman jou dryf, sien ons:

Langdurige erge rou smart, droefheid, verdriet, depressie, neerslagtigheid, hopeloosheid, selfbejammering, alleenheid, teleurstelling, slaaploosheid, kneusings en seer hier binne in my siel.

Die gees van swaarmoedigheid probeer om jou vreugde te steel deur jou te belas met ‘n swaar las.
Dit probeer inkom wanneer ons treurig voel en hou ons dan in ‘n aanhoudende staat van ongelukkigheid en kwaad.

OM TE ROU:

Dit is ‘n normale en gesonde periode van rou wat volg na die verlies van ‘n geliefde en ook nadat jy iets besonders verloor het soos ‘n troeteldier en selfs jou werk.

Wanneer ons iets spesiaals verloor neem dit altyd tyd om aan te pas fisies en emosioneel daarby.
Maar...jy kan nie aanhou treur of rou nie – dis ongesond.

Smart wat te lank aanhou word later ‘n neurotiese toestand – wat verwoestend op verhoudings kan inwerk.
Jy sien altyd die ou tannies in die Katolieke kerk – hulle begin rou en hou nooit weer op nie!

Ek self ken mense wat ‘n dierbare verloor het en nooit daaroor gekom het nie.

Verhaal van vrou met klere nog in die kas.
Tien jaar na haar man se dood, droogskoonmaak sy nog al sy klere een maal per maand en hang dit dan weer terug in die hangkas!

Na 25 jaar treur hulle nog oor iets asof dit net gister gebeur het.
Die gevolge in so ‘n familie is soms baie erg.
Die oorblewenes weier later om net altyd die tweede plek te moet inneem na die dooie.
Sulke mense het ook ‘n baie groter kans om een of ander tyd na ‘n fortuinverteller te gaan om te raadpleeg oor die dooie.
Dit beïnvloed later jou gesondheid en die een ding wat inkom is die ‘gees van vrees’.

Dit was nooit God se plan dat ons die dood moet oorbeklemtoon nie.

Mense hou aan praat van die doodsbed en die laaste woorde en die sterfte.
Hierdie mense is ook bang dat hulle alleen dit nie gaan maak nie.

Nee, later word ons almal net 'n ou klomp sieketrooosters.
Sny die sielsverbintenis ('soul tie') af met die dood en maak klaar.

Wat sê God?

Filippense 3:14;
'Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus..

Wat sê Jesaja in die openingsvers?
God wil vir ons die 'as' – die dood – verander in vreugde-olie en 'n gewaad van lof.
Trek die gewaad van lof aan, sê vir God dankie vir die tyd wat Hy mense aan ons geleen het hier op aarde en kom laat ons aangaan.

SELFBEJAMMERING:

Dit volg gewoonlik as 'n reaksie van selfsugtigheid.
Ek is vies dat ek alleen moet agterbly en my maat weg is.
Die gevolg is 'n 'gees van alleenheid'.
Nou trek jy terug en gaan sit in 'n hopie in die hoek – en kry jouself jammer en wil moedeloos bly.

So kom hulle gereeld by die praktyk aan.
Jy kan doen wat jy wil en hulle kan jou belowe wat hulle wil – hulle bly so!

Hierdie kan tog nooit God wees nie – dis die een wat wil steel en verwoes wat nou in aksie is in jou lewe. Moet dit nie toelaat nie!

GEBROKE VERHOUDINGS:

Gewoonlik is dit vir albei partye ewe swaar – al lyk dit nie altyd so nie. Satan sal altyd misverstande gebruik om pyle in jou te skiet!

Die grootste fout wat ons maak is om die gebeure oor en oor in ons gedagtes te laat afspeel.
Jy kan dit nie bekostig nie – dit laat jou net later skuldig voel.

Dis die tyd wat jy moet leer om elke gedagte gevangene te roep tot gehoorsaamheid aan God.
As jy voel jy het ook foute gemaak – bely dit aan God en sê vir Hom jy is jammer, en maak klaar.

Wanneer jong mense inkom en nie oor 'n verhouding kan kom wat opgebreek het nie, is die kans baie goed dat dit 'n seksuele verhouding was. Die sielsband wat deur die seksuele daad gevorm het, het geskeur as die verhouding eindig en daarom dit oormatige pyn wat die veroorsaak.
Maak seker dat hierdie sielsband ordentlik afgesny word.

Vergewe dan die ander persoon vir wat hy/sy aan jou gedoen het – op dieselfde manier.
Bind die vyand, stap uit in vergifnis en laat toe dat God jou kan genees.

Dit neem altyd tyd om te genees.
Jy maak dit vir jouself net baie moeiliker as jy vashou aan bitterheid, skuldgevoelens en kwaad.
Moet nie die deur oopmaak vir die verwoester nie!

DEPRESSIE:

Dis een van die algemeenste en minste gediagnoseerde toestande in die kerk.

Die sosiale gevolge hiervan is enorm – gebroke huwelike, verwoeste kinders, selfmoord, jaloesie en selfs moord.

Dis die oudste sielkundige afwyking in die wêreld.

Die meeste slagoffers is vrouens.

Wat is die stappe wat jou laat ingly in depressie – ook in Christene?

Eerstens:
Die eerste ding wat gebeur is 'n verwaarlosing en verlies in belang- stelling in God se Woord.
Hulle raak so vasgevang om net te oorleef, dat die basiese geestelike lewe agterbly. Hulle is nie lus vir lees of vir bid nie.

Dis wanneer jy die woorde hoor: 'Ek voel ek bid teen die dak vas'.

Die verantwoordelikhede wat hulle nog gehad het begin hulle verwaarloos, soos wat hulle begin wegkruip agter mure.
Hoe meer hulle wegkruip, hoe meer alleen word hulle.
Later word dit 'n lewenspatroon.

Tweedens:
Die grootste gevaar is dieselfde skedule, dag vir dag.
Dieselfde teleurstellings, dieselfde kinders wat skreeu en raas, dieselfde huis wat elke dag skoongemaak moet word, 'dieselfde' alles – elke dag.
Is daar nie 'n ander pad uit nie?

Die gevaar: Gedagtes van selfmoord:

Hoe meer ek daaraan dink, hoe dieper sink ek – totdat my gedagtes verlam raak.
Die Sterkman stuur meer pyle en meer aanklagtes teen jou.
Dan die skok – 'n oordosis pille, van iemand wat ons nooit verwag het nie.

Almal wat al selfmoord probeer het, sê dieselfde ding: 'Daar is 'n groot swaarmoedigheid wat jou dwing om te dink aan selfmoord'.

KONING SAUL:

Nadat die Gees van God hom verlaat het, het koning Saul erg aan depressie gely.
Hy het aan slaaploosheid begin ly en dan moes Dawid vir hom op die harp speel dat hy kan bedaar.

Dawid het hier self baie geleer van depressie en hy het dit self nodig gehad toe dinge vir hom ook nie wou uitwerk nie.

Die oplossing: om God te verheerlik en die kleed van lof aan te trek.
Om te sing en te prys neem spesifiek slaaploosheid, depressie alleenheid en selfbejammering weg.

Dit sal tyd neem om mooi te leer hoe om te sing en te dans en uiting te gee aan jou frustrasies.

Gebruik jou gebed in tale so veel as moontlik.
Dit stig jou en bou jou op.

Dis net belangrik dat ons leer hoe om God te prys terwyl die waters kalm is.
Die meeste van die tyd wil ons dit leer wanneer ons in die middel van die storm is.

WEES AGGRESSIEF:

Jy moet aggressief optree teen die donker wolke van jou gemoed en swaarmoedigheid.

Gebruik God se Woord as die swaard om al die bande van die dood en gedagtes om jou af te sny.
Sien hulle vir wie hulle is: ‘die goed wat jou vreugde wil kom wegneem’.

GEBED:

‘Liewe Vader, ek kom na U toe in die Naam van Jesus Christus.
Al voel ek nie juise lus om te bid nie, doen ek dit uit gehoorsaamheid aan U.

Vergewe my Vader dat ek U verwaarloos het in my gebedstyd en in bybellees.
Vader, ek het toegelaat dat die gees van swaarmoedigheid van my goeie dinge kom steel het.
Ek weet U beplan soveel goeie dinge vir my.
Ek kies nou om al die gevoelens van swaarmoedigheid van my af te gooi en die kleed van lof aan te trek.
Ek gaan saam met U ‘n pad van oorwinning loop van vandag af.
Dankie dat U my gebed hoor en sal antwoord daarop.

Satan:
Ek breek jou mag oor my lewe in Jesus Christus se Naam.
Ek weet dat ek deure oopgelos het en dat jy ingekom het om by my te steel.
Ek beveel jou in Jesus se Naam om al jou swaarmoedige geeste van my weg te neem en van my af weg te vlug.
Ek weet ek het die outoriteit om dit vir jou te sê in Jesus se Naam.’

AMEN

8.GEES VAN VERWERPING

Verwerping is een van die grootste probleme in die wêreld vandag en verseker ook in die kerk.
Ek sien dit in my praktyk elke dag en oral waar ons bid teen geestelike wortels en waar ons bid vir genesing - bly dit ‘n prominente vesting.

Verwerping bring altyd verwydering tussen jou en ander mense. Die oomblik as daar verwydering kom, is daar ‘n opening vir ellende en vir siekte om in te kom.

Ons moet weet dat God nie ‘n mens is wat kan jok nie, maw. God se Woord is die waarheid.
Ons is elke dag so besig met die dinge van God, maar ons glo nie werklik God se Woord nie.
Ons dink ons glo, maar as ons werklik kan glo in elke woord in die Bybel, sal ons in ‘n ander dimensie staan.

Ek hoop regtig dat die Gees van die Waarheid vir ons ‘n groter werklikheid kan word.

God het alles vir ons gedoen, maar as jy sit met verwerping, sê jy eintlik: ‘God, ek glo jou nie!’
Onthou wat God sê: ‘Ek het jou perfek gemaak. Ek het oor jou gedroom. Ek het oor jou net goeie gedagtes.’

Nou kom ons en voel verwerp deur mense – onthou, verwerping kom altyd van mense af, nooit van God af nie.
Ons kom nou in ‘n stadium met verwerping waar, wat dit wat mense sê, meer belangrik is as dit wat God vir jou sê.

Die oomblik dat ons daar vashak, glo ons nie meer die Woord nie. Ons kom dus elke keer as ons verwerp voel en sê: ‘God, ek glo nie dat U my liefhet of dat U regtig vir my omgee nie, want kyk wat doen mense aan my!’
Die tragedie is dat ‘n groot deel van die kerk elke dag so voel en sê.

Wat doen ons eintlik?
Ons maak al die tyd mense ons god, want dis vir ons belangriker wat mense van ons sê, as wat God van ons dink.

Ons moet een ding besef: Dis sonde!
Ons is so besig om te sê ons is heilig, maar ons doen aanhoudend sonde.

As jy uit verwerping reageer, doen jy sonde.
Dis dieselfde as om vrees te hê – hulle loop altyd hand aan hand.

As jy met verwerping sit, maak dit 'n deur oop vir al die ander vestings om in te kom in jou lewe.
So, uit die verwerping kom vrees, kom bitterheid, kom die liefdelose gevoel.

Ons moet op die punt kom waar ons sê:
'God, ons is bereid om onvoorwaardelik te glo wat U sê'.
As God vir my kom sê ek is die appel van Sy oog, hoe kan ek myself steur aan wat iemand anders van my dink of sê?

Wat gebeur met verwerping?
Ek trek terug - en dis waar jy nie moet wees nie!

Waar kom verwerping vandaan?

1. Uit jou bloedlyn of jou familielyn.

As jy kan terugdink aan jou familie wat jy ken of geken het – wie van hulle, pa, ma, het verwerping gehad?
Kyk mooi, dinge herhaal hulleself weer.

As jy dink aan jou ouma, dan onthou jy dat jy gladnie van haar gehou het nie.
Sy het net verwerping gehad, dis hoekom sy so aaklig was.
En as mense oud word met verwerping, gaan hulle vroeg dood – hulle hou op lewe.

Baie van ons families het goed gehou, maar laat in hulle lewe het dinge finansieel verander en hulle moes trek en ophou werk en verwerping het so ingekom.
Daar is dan niks meer om voor te lewe nie - depressie kom in en hulle gaan dood.

Wees baie bedag op hierdie dinge in jou bloedlyn want dit dra oor.

2. Verwerping uit die baarmoeder.

As jy swanger raak – getroud of ongetroud, met ‘n ongewensde swangerskap gebeur daar iets.

Jy kry daardie nuus en onmiddellik is jy gevul met vrees en sê jy dadelik: ‘Ek wil nie hierdie baba hê nie’.
Daardie oomblik begin die ongebore baba al met verwerping.

Daar is ‘n verskil tussen verwerping in die siel en verlatenheid. Verwerping in die baarmoeder veroorsaak totale verlatenheid in die geesdimensie – dis die ergste wat jy kan kry.

Wat gebeur met die baba in die baarmoeder?

‘n Baba is ook gees, siel en liggaam.
Die gees is van die oomblik van konsepsie af, klaar daar.
Dis bewys dat ‘n baba in die baarmoeder ‘n maksimum geheue van twee dae het.
Daar is dus geen manier dat die baba kan onthou dat pa of ma hom nie wou gehad het nie.
Die verlatenheid sit in die baba se gees, nie in sy geheue nie, en dis waarom dit altyd daar bly, hy kan dit nie net vergeet nie.

Om daardie verlatenheid uit te kry is nie net sommer in bely hier en ‘n bid daar nie.
Omdat dit in jou gees is, is dit ‘n baie moeilike ding om van ontslae te raak.
Een belangrike ding is om direk na kraam altyd daardie baba dadelik terug te gee aan die ma – daar moet ‘n verhouding gebou word.

Moet ook nie die fout maak om te dink dis ‘ons baba’ nie – dis ‘God se baba’.
As jy alles self wil doen, dan voel jy self verantwoordelik vir die

kind. As jy dit doen vat jy die situasie uit God se hande uit. Ons sit so met drama in ons kinders omdat ons alles wil doen vir hulle, wat ons eintlik moet toelaat dat God dit doen.

Enige iemand wat met 'n swangerskap 'n poging vir aborsie gehad het wat nie gewerk het nie, daardie kind sit met verwerping. Hy sit met vrees agv. wat gebeur het en hy weet dit in sy gees. Hy weet jy wou hom nie gehad nie.

'n Kind wat ongewens was, voel die verwerping in jou as ouer aan. As jy 'n verwerpte kind is of, as jy hier sit en nie weet of jy werklik verwerp was of nie, of onseker is, staan nou op en sit by God en sê vir Hom:

'Vader God is en was nog altyd vir my lief – Hy verwerp my nie. Vader vat my nou asseblief en neem my aan as U kind. Hou my vas Pappa God, ek is joune'

3. Babas wat koliek het of gehad het:

Dit kom net agv. vrees wat die ma gehad het toe sy swanger was. Koliek is 'n 'gees van vrees' wat ingekom het toe die baba in die baarmoeder was en begin voor geboorte al.

Dit presenteer soms eers later op ses of tien weke ouderdom, maar weet waar dit vandaan kom.

Dis dieselfde met hierdie ma's wat so angstig is.
Hulle sit die hele dag en bekommer en vrees oor wat dalk met hulle baba's kan gebeur.
Nou het al hierdie kinders koliek, net om dinge nog erger te maak. Hierdie koliek-kinders het ook 'n baie groter kans om later ADHD te kry.

So, jy kom uit 'n situasie uit nog voordat jy gebore is en jy eindig nie net met verwerping en vrees wat jy oorge-erf het nie, maar jy ontwikkel nou 'n 'lewensstyl van verwerping' en 'n 'lewensstyl van vrees'.

Om net die ‘gees van vrees’ uit iemand te verwyder is nie moeilik nie maar as jy ‘n ‘lewensstyl van vrees’ ontwikkel het, is dit baie moeilik om daar uit te kom.
Jy moet daardie lewensstyl se patroon breek.

So baie mense, veral vrouens, bly net angstig en vol vrees vir die res van hulle lewens en kom net nooit daar uit nie, al drink hulle hoeveel pille elke dag!

Dis soos die storie van die spinnekop.
Ma was bang en nou is almal bang vir ‘n spinnekop.
Jy sê net ‘spinnekop’ en almal hardloop, al was daar nie eers ‘n gogga nie!

Ons sien dit met allergieë later in jou lewe.
Alle allergieë en asma kom van vrees af.
Daar is altyd ‘n geestelike wortel hier betrokke.

As jy bang is vir iets en iemand noem dit net, dan trek jou bors onmiddellik toe.
Ek sien so baie pasiënte met allergieë en hulle is moeg en gespanne. Vra net vir hulle hoeveel vrees hulle het, dan hoor jy die antwoord. Sommiges sê: ‘Ek is bang ja, maar jy het nog nie my ma gesien nie! Sy het soveel vrees sy kan soms nie eers praat nie. Sy is nou regtig ‘n ou wrak’.

Dis die hele lewenspatroon wat hier deurkom.
Later ontwikkel dit in angsaanvalle – en dis lastig!

4. Kinders wat aangeneem is en kinders wat uit egskeiding kom.

Almal sit met verwerping.

5. Kinders wat ‘n jaar van mekaar verskil.

Verwerping kom in net omdat die ma nie tyd het vir altwee nie. Daar word meer aandag aan die die een gegee en dis gewoonlik die ouer een wat afgeskeep word.

6. Abnormaliteite in kinders.

As een van die kinders abnormaal is gaan al die tyd en aandag van die ouers aan hierdie siek kind.
Die ander kinders word nou afgeskeep en sit met verwerping, al was daar nie eers regtig verwerping teenwoordig nie.

Ons het nou die dag gesukkel met ‘n dogtertjie wat anoreksia ontwikkel het omdat al die aandag aan die siek boetie gaan. Dit was ‘n drama in die familie – die een was fisies siek, en die ander een nou emosioneel siek.
Die ma het dit amper nie gemaak nie.

7. Verkeerde geslag.

Pa wil ‘n seun hê. Hy het klaar die naam gekies en nou kom Pietie nie, dis ‘n dogtertjie. Nou hou hy sommer die naam - Pietie!

So ‘n dogter word later ‘n Pietie, want dit word elke dag oor haar uitgespreek, want dis haar naam.

Dis so belangrik! As jy moet, gaan verander jou naam!

Dis menslik om te sê jy wil graag ‘n seun hê, maar wees versigtig. Ek het eenkeer ‘n bevalling gedoen en toe dit ‘n dogtertjie was, het die pa sommer net uit die kraamkamer uitgeloop! Hy het nie eers verder na die kind gekyk nie.

Ouers, kry balans! Moet nie behep wees nie.
Dit verbrokkel net verhoudings tussen pa en ma en tussen ouers en kinders.

Verwerping is die gevolg – soms vir die res van ‘n lewe.

Een van die groot gevare van ouers wat kinders grootmaak as die verkeerde geslag is dat hierdie kinders so maklik val in homo- seksualiteit of lesbiese neigings.

8. Geestelike weduwees.

'n Vrou se pa verteenwoordig God vir haar.
Haar man verteenwoordig Jesus vir haar.

So, haar identiteit kom eerstens van haar pa af en dan eers van haar man af.
As haar pa nooit God vir haar verteenwoordig het nie, het sy nooit regtig vanself 'n 'Godbewustheid' nie.
Sy het nooit daardie agting vir God wat ander vrouens vir hulle pa's het nie.
Nou kom die man in haar lewe en hy is ook nie Jesus vir haar nie – hy was haar nooit met die 'Woord van God' nie en dis om haar onvoorwaardelik lief te hê.

Hierdie vrou wat haar identiteit van haar pa moes gekry het, het dit ook nie van haar man gekry nie en sy eindig met 'n gebroke hart en alles loop skeef in haar lewe.
Met berading vra ek dikwels vir mense: 'Wie het jou hart gebreek?'

Eendag gaan God vir elke man sê: 'Bring jou vrou dat ek kan kyk hoe sy lyk, want jy moes Jesus vir haar gewees het'.

Wat Jesus vir sy kerk kom doen het – selfs gesterf het daarvoor, moet elke man vir sy vrou ook doen.

Daar is 'n verantwoordelikheid vir elke man in hierdie saak.

9. Vrouens wat nie kan swanger raak nie.

Verwerping kom so maklik in as dit gebeur.
Onmiddellik voel hulle verwerp deur God en sê hulle: 'God wil nie vir my 'n kind gee nie'.

Die Bybel sê om 'n kind te hê is 'n seëning, en dus is kinderloosheid 'n vloek.

Daar is altyd geestelike wortels wat mense oopmaak in hierdie geval. Ons weet dat betrokkenheid by Vrymesselary in die voorgeslag ook hier 'n baie belangrike oorsaak is.

Wat kom in as gevolg van kinderloosheid?

i. Verwerping:

Veral gefokus op God. Hulle voel almal God wil nie hê hulle moet kinders hê nie – dis tog so verkeerd.

ii. Selfhaat:

Nou dis 'n harde woord, maar dit gebeur.
Jy hoor hulle: 'Ek haat myself omdat ek nie kan swanger word nie'.

As jy jouself haat begin jou liggaam 'n profiel van die dood aanneem. Later haat die liggaam homself en begin jy outo-immuun siektes kry waar die liggaam sy eie weefsel vernietig, en eindig jy met bv. rheumatoiede arthritis, Lupus Erythematose en Multipele Sklerose.

Ons sien ook herhalende miskrame want die liggaam agv. die selfhaat, verwerp die swangerskap.

Die wortel: Selfhaat en erge skuldgevoelens.

iii. Vrees:

Hierdie vrouens word so vasgevang in vrees en hulle sê aanhoudend: 'Ek is bang ek gaan nie swanger raak nie!'
'Ek is bang ek gaan nie 'n goeie ouer wees nie'.
Die vrees in jou lewe maak chaos op die einde van die tyd.

iv. Seksuele immoraliteit:

Hulle loop orals rond op soek na die 'ideale' man wat hulle gaan swanger maak.

Hoe presenteer mense met verwerping in die samelewing?

Daar is altyd verdedigingsmeganismes wat inkom om jou te beskerm.
Mense tree op ‘n manier op wat ingestel is om te voorkom dat hulle nie weer en weer seerkry nie.

So jy sien:
óf hulle trek terug,

óf hulle word kwaad,

óf hulle soek identiteit,

óf hulle kry trots,

óf hulle manipuleer.

Gebed:

Vader God ek kom na U toe in die Naam van Jesus Christus.

U weet alles van my verlede af.
Vader, ek het verwerping ondervind met die volgende..... (persone, plekke of insidente).

Deur hierdie omstandighede, wat soms buite my eie beheer was, het ek die deure van my lewe oopgemaak vir die gees van verwerping.

Ek vra dat U my vergewe dat ek dit gedoen het.

Ek kies nou ook om die volgende mense te vergewe..... en ek stel hulle vry in Jesus se Naam.

Vader, baie dankie dat u my my sonde vergewe het en dat U my altyd so liefhet.

AMEN.

9.ONVERGEWENSGESINDHEID

Die vesting van onvergewensgesindheid werk verwoestend in jou lewe.
Daar is baie redes hiervoor en daar is ook soveel mense wat voel dat hulle mag kwaad wees – wat voel hulle hoef nie te vergewe nie.
Ek het baie begrip hiervoor want daar is verseker mense wat nog net swaargekry het en vertrap is.

Maar...
Is dit die regte houding om in te neem?

Jesus self het soveel lig op hierdie onderwerp gebring.
Hy het altyd geleer dat alles in die lewe gaan oor verhoudings.
Verhoudings wat herstel moet word en verhoudings om op te bou.

Daar is 'n voorskrif hier te sprake.
Jy kan nie in totale oorwinning loop in jou verhoudings met andere as jy nie eers die voorskrif volg nie.

Die voorskrif hier word genoem: 'Die regte verhouding'.
Niemand kan dit ontvang as hy nie loop in die regte verhouding tot God nie.

In ***Mattheus 18:15-17,*** sê Jesus vir ons wat is die voorwaardes:
Dit gaan oor ons optrede as jou broer teen jou gesondig het:

'En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin;
Maar, as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke word kan vasstaan.
En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar'.

Hierdie is die pad om te volg as iemand nie wil vergewe, nie wil luister en nie sy gesindheid wil verander nie.
Kyk waar eindig dit.
Hierdie man word op die ou einde 'n verwerpte.

Al die verhoudings om hom het verlore gegaan.
Hoor mooi wat die Skrif sê: 'Hy wou nie luister en verander nie' – dit was 'n keuse wat hy gemaak het.

Direk na verse 18 tot 20 gaan Jesus aan en gee aan ons die gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser.
Hier word ons direk gewaarsku wat die verskriklike gevolge is as ons mekaar nie kan vergewe nie***.***

Die hele saak draai hier om regte verhoudinge.

GELYKENIS VAN DIE ONBARMHARTIGE SKULDEISER: *(Mattheus 18:23-35)*

Die laaste vers wys aan ons dat Jesus hier gepraat het met Christene.
'So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.'

Die eerste persoon hier het omtrent 1 miljoen Rand geskuld.
Omdat hy nie kon betaal nie was hy op pad om in die gevangenis gegooi te word.
Hy pleit by sy heer en word begenadig.
Sy skuld word afgeskryf en hy was vry om te gaan.

Maar, hy kry buite 'n ander dienaar wat hom omtrent R120 skuld.
'Betaal my nou', sê hy aan hom.
'Ek kan ongelukkig nie nou nie, gee my 'n kans', antwoord die man.
'Wel as jy nie kan nie gooi ek jou in die tronk totdat jy betaal'.
'Wag net hier, ek sal die R120 kry', pleit die tweede man.
'As jy nie nou betaal nie, tronk toe met jou!'

Al die ander werkers was diep geskok en het dadelik die saak by hulle heer gaan rapporteer.
Soos wat ons kan verwag was die heer baie kwaad.
Hoor wat hy sê: 'Jou slegte dienskneg'.

Vers 34: Dan kom die opdrag: 'Oorhandig hom aan die pynigers totdat hy sou betaal alles wat hy skuld.'

Nou weer ***vers 35:*** 'So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie'.

Wat leer ons hieruit ?
(1) Die onvermoë om te vergewe hier, is goddeloosheid en sonde.
En die heer spreek hom aan: 'Jou slegte dienskneg!'.
(2) Sy onvergewensgesindheid het gemaak dat hy oorhandig is aan die pynigers. Gevolge vir sy wandade.

Vriend, as jy nie jou broeders, jou familie, jou medemens uit die diepte van jou hart vergewe nie – maak nie saak wat die rede is nie – sal die Vader presies met jou doen wat die heer hier met sy dienskneg gedoen het.

In my bediening sien ek talle Christene wat in die hande van die pynigers is – in geestelike, emosionele of liggaamlike pyn.
Ek vra altyd die vraag: 'Vader, hoe is dit moontlik?'

Hierdie is mense wat in die kerk is, hulle roep die Naam van Jesus Christus aan, hulle getuig van redding en wedergeboorte, maar tog is hulle op aarde nog in die hande van die pynigers.

Ek sien hulle daagliks in my spreekkamer, op kampe of in die kerk, waar hulle kom vir genesing en bediening.
Hulle is nog in die hande van bose geeste en hulle het nie vrede of vreugde nie.
Hulle is nog vasgevang in vrees, siekte en kom nooit tot ruste nie.

Hierdie is nie mense van buite af nie, nee, hulle sit elke dag saam met ons in die kerk.

Die vraag: 'Vader, hoekom het hulle nog soveel seer?'
Vader antwoord: 'Hulle is in die hande van die pynigers want Ek het hulle oorhandig aan hulle'.

Nou, as God dit toelaat dat hulle in die hande van die pynigers is, is daar nie 'n mens op aarde wat hulle daar kan uitkry nie.

Hulle sal net daar in daardie toestand bly – tot wanneer ?
Tot in die stadium dat hulle aan al die vereistes voldoen van God, om daar uit te kom.

Hulle mag tydelike verligting kry, maar dis al.

Die vereiste: Jy sal nie ware vrede, genesing en bevryding ontvang, voordat jy nie elkeen volkome vergewe het teen wie jy ooit bitterheid en onvrede gehou het nie.

Dit is God se vereiste, en daar is geen ander manier nie.

GEBED EN VERGIFNIS:

Die Onse Vader is die een ware voorbeeld van gebed.
Jesus sê aan sy dissipels toe hulle hom vra hoe om te bid:

Mattheus 6:9-15;

'So moet julle dan bid.
Onse Vader wat in die hemele is,laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel
net so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag
en die heerlikheid tot in ewigheid.
Amen.
Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.
Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie'.

Jesus leer hulle: 'Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars (hulle wat teen ons opgetree het), vergeef'.
Nou dit kan jy nie verander nie.
Jy kan alleen van God skuldvergifnis vra, in die mate wat jyself ander kan vergewe, en nie meer nie.
As jy nie andere vergewe nie, kan God jou ook nie vergewe nie.

Hierdie is die enigste punt in die gebed waarop Jesus verder uitbrei;

vers 14-15:
'Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.
Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.."

Vriend, moet jouself nie mislei nie: As daar iemand is wat jy nog nie volkome vergewe het nie, is jy ook nie deur God vergewe nie.

Dit is heel moontlik die oorsprong van al jou probleme:
Jy is nog nie volkome deur God vrygespreek nie.

Kom ons gaan nog verder***: Markus 11:24-26***.
Jesus wat praat;
'Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.
En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.
Maar, as julle nie vergewe nie, sal julle Vader ook julle oortredinge nie vergewe nie'.

Dis baie duidelik:
As jy iets teen iemand het, vergeef hom.
En 'iets teen iemand', laat niks en niemand uit nie.

Nog verder: ***Efesiërs 1:7***;
Hier staan dat verlossing of bevryding direk die gevolg is van vergifnis.
'In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade'.

Dit beteken dat as al jou sondes vergewe is, het jy die reg 6
tot verlossing.
Maar as daar enige area is van sonde wat nog nie volkome vergewe is nie, het jy nie volle verlossing of bevryding nie.

Dis eers wanneer jy totale verlossing ontvang het dat die duiwel geen krag meer oor jou het en geen plek meer in jou het nie.

Ons moet besef dat as daar ‘n area is waar verlossing nog nie volkome is nie, weet die duiwel dit.
As daar nog onvergifnis in jou is, gee dit aan die duiwel wettige reg om ‘n houvas oor jou te behou en kan jy hom nie net uit jou lewe uitkry nie.

Jy kan maar skreeu vir hom, jy kan op hom spring, jy kan maar iemand kry om vir jou te bid, maar as die duiwel nog ‘n reg het om daar te bly, sal jy hom nie uitkry nie.

Dis die grootste rede hoekom mense nie altyd vrykom na berading of bevryding nie – **hulle** gee die duiwel nog die reg om daar te bly.

Terug by die laaste deel van die Onse Vader: ***Matt 6:13;***
Dit is ‘n versoek vir bevryding: ‘Verlos ons van die bose een’.

Ek wil vir jou sê: Jy het geen reg om daardie gedeelte te bid as jy nie met die eerste deel van die gebed gedeel het nie:
‘En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe’.

Die oomblik wat die vergifnis-deel afgehandel is, is die bevryding deel geen probleem nie.

‘N WILSBESLUIT:

Belangrik om te besef: dis nie ‘n geval van emosie nie, dis suiwer ‘n wilsbesluit.

God is nie geïnteresseerd in enigiets anders as jou wil nie.
Jy hoef nie te voel of jy moet vergewe nie, dis ‘n opdrag en ‘n wilsbesluit.
In ***Johannes 20:23*** sien ons Jesus blaas op sy dissipels om die Heilige Gees te ontvang:
Hy stuur hulle uit en sê:
‘As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou’.

As ons uitgaan en ons laat mense hulle sondes hou, dan hou dit ons ook.
Die oomblik as jy sonde hou, is jy vas aan daardie mense met ‘n band.

Dit beteken: Jy kan al 20 jaar geskei wees van jou man, maar as jy hom nog nie vergewe het nie, is jy nog vas aan hom met ‘n band. ‘n Sielsband wat jou vashou.
Daardie onvergewensgesindheid van jou, hou jou gevange.

Ek het al soveel mense se lewens totaal sien verander nadat hulle hierdie bande van onvergifnis breek.
Bande wat al jare en jare daar was.

Vergifnis is eenvoudig.
Dit is ‘n wilsbesluit en woorde oor jou lippe.
Jy besluit dit – jy sê dit – en dis afgehandel.

Noem die persone spesifiek – moet nie veralgemeen nie.
Besluit dit en natuurlik is dit belangrik om nie weer terug te gaan nie.
Dis al hoe ek en jy kan vrykom – totaal.

HOE OM VAN VESTINGS ONTSLAE TE RAAK IN JOU LEWE

Daar kom ‘n tyd in jou lewe waar jy ‘n nuwe waarheid moet toelaat in jou lewe.
Dis die tyd om uit te stap uit gevormde vestings in jou lewe.

Daar gaan drama’s en probleme opduik en keuses wat jy moet maak – maar, jy is nou gereed daarvoor.

Dit begin waar ek en jy besef daar is ‘n probleem.
Soveel mense kom nooit by die oplossing van hulle probleme uit nie, suiwer omdat hulle nie kan erken dat daar moeilikheid is nie.

Die groot keuse kom nou:

1. Gaan ek maar net weer terugval in my ou lewe van ontkenning en in my gemaksone, óf
2. Stap ek uit die vestings uit en hanteer hulle.

Ons gedagtes en optredes kán verander word.
Psigoloë meen dit vat normaalweg weke tot maande om ‘n gewoonte te breek.
Maar, gee God ‘n kans om met jou te werk.

Soos wat jy jou gedagtes vernuwe – so sal Hy jou vernuwe.
Maar weet: soos jy groei, so sal dit getoets word.

Gaan jy nou weer dieselfde reageer soos wat jy nog altyd gedoen het, of gaan Christus deel wees van jou nuwe aksies?

Om uit te stap beteken eenvoudig om jou gedagtes te vernuwe.
Dit is om God se gedagtes oor ‘n saak, joune te maak.

Jy moet uitstap uit die ou ingewortelde gewoontes en manier van dink, in ‘n nuwe een in.

Efesieërs 4:23;
‘En dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed.’

Jy is nie alleen nie:

Hoe meer gekompliseerd en gespanne jy is, hoe meer het jy hierdie eenvoudige stappe nodig.

Die probleem is dat jy jou gedagtes en manier van dink nou verander het en dat mense wat saam met jou lewe dit nie gaan verstaan nie.Dis normaal.

Hoe gaan ek dit alleen maak?
Wel, jy is nooit werklik alleen nie – God is met jou.
Hy sal jou deur Sy Gees in die volle waarheid lei.

Gee jouself tyd:

Hierdie is nie net ‘n vinnige storie nie – dis soms ‘n lang proses.
Soos wat jy uitstap, vervang jy verkeerde gedagtes en idees en gewoontes met goddelikes.

Dit mag weke of selfs maande neem om dit te vervang met ‘n nuwe manier van dink en optree.
God self sal jou wys hoe jy vorder op hierdie pad – moet nie dat ander mense jou evalueer en vir jou sê wat jy moet doen nie.

Neem elke gedagte gevange:

2 Korinthieërs 10:3-6

‘Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,
en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is.’

Hoe hanteer ‘n mens slegte gedagtes soos twyfel, ongeloof, selfhaat, verslawings en negatiewe optredes?

* Herken elkeen van hierdie vir wat hulle regtig is: **VERSOEKINGS.**
* Om versoek te word is nie sonde nie, dis net Satan wat kyk of jy nog reguit is.
* Neem elke gedagtes gevange en gooi hulle uit jou lewe uit, voordat hulle sonde word.

Voorbeeld:
Mense kom gooi ‘n klomp beskuldigings na jou oor die manier hoe jy jou kinders grootmaak.

Skielik moet jy besluite neem:

* Jy kan dadelik kwaad word en die beskuldigings teruggooi na hulle toe.
* Jy kan versoek voel om jouself te verdedig en dan verwerp te voel.
* Jy kan skuldig en skaam voel.
* Jy kan die ander ou sommer net 'n klap gee.

Wat gaan jy kies?

Jy kan dalk vir jouself sê:
'Ek weet dis eintlik jy Satan wat my versoek.
God se Woord sê ek moet nie sonde doen in kwaadword nie.
Ek sal nie weer sover gaan nie.
Ek werp enige gevoel van my af wat nie van God af is nie.
In Jesus se Naam. Amen.'

2 Korinthieërs 10:5

'terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus.'

Ken die taktiek van die vyand:

Onthou: Moet nie verwyder wees van God af nie.
Weet hoe die duiwel jou elke keer wil vang.

Wat gaan gebeur as ek misluk?

Vanaf die Heilige Gees kom daar net bemoediging en van die Satan af kom daar net veroordeling.
As jy net die hele tyd loop en skuldig voel, is dit nie van God af nie.

Bely jou sonde en kry dit van jou af – dan kan dit jou nie meer probeer beheer nie.
Tel op jou kop en loop in die Lig van God.

Wat is die pad na vryheid?

1. **Herkenning**:
   Herken die probleem in jou lewe en dat dit nie van God af is.
2. **Neem verantwoordelikheid**:
   Neem self verantwoordelikheid vir jou probleme.
   Moet nie andere of God wil blameer nie,
3. **Belydenis:**
   Bely dat jy toegelaat het om sonde te doen.
4. **Laat vaar**:
   Laat vaar alle deelname met die sonde in jou lewe.
5. **Verwydering**:
   Verwyder alle probleme en sonde uit jou lewe.
   Werp dit van jou af weg.
6. **Weerstaan:**
   Kom nader na God toe en weerstaan die duiwel.
   Weier om enigsins weer betrokke te raak met probleme en vestings.
7. **Danksegging:**
   Gee aan God al die eer vir jou vryheid.

Wat moet ek doen om in oorwinning te bly loop?

Hou jou lewe vol met God se Woord en versterk jou verhouding met God.

Deelname met ander Christene:
Jy moet dalk net weer dink aan vorige verhoudings.
So baie verhoudings is nie goed vir ons nie.
Bly nou by positiewe mense.

Hou elke gedagte onder beheer:
Onderskei mooi tussen goed en kwaad.
Verwyder jou van leuens – al kom dit van geliefdes naby jou.
Weet dat die oorlog word in jou gedagtes geveg.

Hou op om aan die verlede te dink.
Jy praat nooit weer oor vorige mislukkings en foute van die verlede nie.

Bewaar jou hart:
Waak teen ongeloof en twyfel en spanning en vrees.

Jy moet vertroue in God hê:
Sonder geloof in dit onmoontlik om God tevrede te stel.
Glo in God, maak nie saak wat jy sien en hoor nie.

Beheer jou tong:
Dit wat jy vandag sê, sal more met jou gebeur.
As dit nie van God af is nie, moet dit nie sê nie.

Bewaar jou oë en ore:
Wees baie versigtig na wat jy kyk en waarna jy luister.
Kies mooi die musiek en boeke wat jy lees en waarna jy kyk op TV en rolprente.

Kom weg van mense af wat in sonde wil aanhou leef:
Kyk mooi en kies mooi.

Onthou alle goeie dinge kom van God af.

Gebed:

Vader God, ek kom na U toe in Jesus se Naam.

Ek besef my eie sonde en ook die sonde in my familie.

Ek kom bely nou my sonde en ook die sonde van my voorvaders.

Ek neem verantwoordelikheid vir hierdie sondes en vestings in my lewe.

Ek kies dat dit werking van sonde in my lewe nou gebreek moet word

Ek bely my deelname aan ..... (sonde)

Ek vra Vader dat U my sal vergewe dat ek hierdie vestings toegelaat het in my lewe.

Ek vra ook vir U Vader om die vloek van siekte.....(siekte) in my lewe te breek.

Ek neem vandag standpunt in teen .....(sonde) en .....(siekte) wat die slegte vrug in my lewe is.

Ek sal nooit weer hieraan deelneem nie – ek kies dit so.

Nou spreek ek uit:
Deur die outoriteit van die Jesus Christus breek ek enige deelname met die okkulte en met seksuele sonde in my lewe.

Gaan van my af weg, in Jesus se Naam.

Ek dank U Vader vir U vergifnis en restourasie in my lewe, in Jesus Christus se Naam.

AMEN